# Die Vierde Seël

Jeffersonville, Indiana, USA

21 Maart 1963

1 Goeienaand. Ons buig nou ons hoofde net 'n oomblik, vir gebed.

Ons Genadige en Hemelse Vader, ons nader U weer vanaand, nou, in die Naam van die Here Jesus, om U te dank vir nog 'n dag. En ons vra nou vir U seën op die diens vanaand. Laat die Heilige Gees kom en ons die interpretasie gee van hierdie dinge waarna ons so ywerig soek. O God, mag dit so kosbaar wees dat ons almal samesyn kan hê rondom die Woord op so 'n manier, dat, wanneer ons weggaan, ons in staat sal wees om te sê: "Het ons harte nie gebrand in ons wyl Hy met ons gepraat het op die manier nie?" Ons dank U vir wat Hy vir ons is, en vertrou dat Hy by ons sal bly soos ons aangaan, want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

2 So bly om weer terug te wees in die huis van die Here, vanaand, weer in die diens! En ons is bly. Ek is so bly dat …

Het net gedink hierdie Een sou nie kom nie, maar Dit het uiteindelik. So ek is so dankbaar, synde die laaste van die vier perderuiters, wat ek dink een van die belangrikste Boodskappe aan die Kerk is in hierdie tyd.

Ek weet nie wat die ander Een is nie. Ek neem dit net dag vir dag, net soos Hy Dit openbaar. Ek probeer om—om Dit te gee, deur … soos Hy Dit vir my gee.

Geniet julle die—die seëning? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Het julle opgelet hoe Dit net, in samewerking met daardie kerkeeue, hoe Dit net presies perfek inpas by hulle? Dis hoe dit wys. Vir my wys dit dat dit—dis dieselfde Heilige Gees wat die kerkeeue gegee het, dieselfde Heilige Gees wat nou Dit gee, julle sien, want dit is saamgevoeg; alles een groot daad van God, wat Homself op verskillende maniere wys.

3 Let op, toe Hy Homself aan Daniël gewys het, in die visioene, daar sou 'n voorstelling van een ding wees, soos 'n—'n bok in hierdie plek, of miskien 'n boom; en die volgende plek sou dit 'n standbeeld wees. En—en—en dinge wat Hy gedoen het, maak dit, dieselfde ding die heeltyd, wees net seker dat ons dit nie mis nie.

Nou, ek was baie opgewonde net 'n paar oomblikke gelede, ek het gepraat met 'n dametjie wat hier sit, omtrent vyf-en-tagtig jaar oud. En sy …

Nie lank terug, net voor ek vertrek het om weswaarts te gaan, wel, was daar 'n—'n dogtertjie bo in Ohio, dit was, ek dink so, sterwend in die laaste stadium van leukemia. Nou, leukemia is kanker in die bloedstroom. En, o, die dingetjie was, julle weet, in so 'n vreeslike toestand, daar was glad nie meer hoop vir haar nie. Hulle het haar gevoed deur die are, die operasie. En hulle was 'n baie arm familie. En hulle …

4 Mev. Kidd, hier, en Broer Kidd, hulle het hulle vertel van die Here wat soveel gebede beantwoord. En hulle het bymekaar gekom, ek dink, en iemand gehuur, en die dogtertjie gebring. En sy was 'n baie mooi meisietjie, omtrent, o, ses, sewe jaar oud. ['n Suster sê: "Nege jaar." — Red.] Nege jaar. En—en sy was daar agter in die kamer. En die …

En toe ons voor die Here gegaan het, het die Heilige Gees 'n woord aan haar gegee. En hulle moet haar vat, moet haar help en haar voed, julle weet, op daardie manier. En toe hulle wegry, het sy gehuil vir 'n hamburger, en, so, om haar kos per mond in te neem. En hulle het haar die hamburger gegee, en net voortgegaan om haar natuurlik te voer.

In 'n kort tydjie, 'n paar dae, het hulle haar teruggeneem dokter toe. En hulle … Die dokter kon dit net eenvoudig nie verstaan nie. Hy het gesê: "Asof dit nie was, was selfs nie dieselfde meisie nie." Hy het gesê: "Wel, daar—daar is nie eens een spoor van leukemia erens nie, nêrens, glad nie." Wel, en, sy was sterwend. Hulle het haar opgegee; haar net gevoer deur haar are. Sy het al geel geword. Julle weet hoe hulle raak. En so het hulle … En nou is sy by die skool, speel met die ander kinders, net so gelukkig as wat kan wees.

5 Herinner my aan nog 'n geval soos die. Eendag, het ek pas by die huis gekom, daar was 'n … As ek my nie misgis nie, was hulle óf Episkopaliërs óf Presbiteriaanse mense, wat 'n dogtertjie van Kansas af gebring het. En die dokters het haar opgegee, met leukemia. En hulle het haar gegee, glo ek, vier dae om te lewe; sy het so erg geraak. So hulle het gesê hulle het net daardie vier dae spandeer om hiernatoe te kom, deur die sneeustorms en goed, regoor die land, om vir haar te bid. En die oupa, 'n baie aantreklike, bejaarde man, was grys.

6 En hulle het haar al, twee dae, hier onder in 'n klein motel gehad. Ek—ek skat dit staan nie nou daar nie, hierdie kant van Silver Creek. En so het ek daardie aand afgegaan om vir haar te bid. Dit was vroeg in die oggend. Ek het daardie aand teruggekom, van erens, en daarheen gegaan. En die bejaarde vader

… oupa het op en af op die vloer geloop. En, die moeder, het probeer om vir die kind te sorg.

En terwyl ek gekniel het om te bid, het die Heilige Gees aan my 'n geheim geopenbaar wat tussen die—die moeder en die vader was, van iets wat hulle gedoen het. Ek het hulle eenkant geroep en hulle daaroor uitgevra. Hulle het begin huil, gesê: "Dis reg."

Toe het ek teruggekyk, en ek het gesien die dogtertjie spring 'n tou, gaan aan, speel. En nou is die kindjie … Na omtrent drie weke, het hulle vir my die foto gestuur van die dogtertjie, terug in die skool, wat 'n tou spring, en het geen leukemia nie, glad nie.

Nou, nou, daardie getuienisse is absoluut bona fide waarheid, sien. So, ons God is so werklik, julle sien. Ons dien Hom net en—en glo Hom. En—en ek—ek weet Hy is werklik.

7 Nou, ek probeer my bes, terwyl iets, innerlik, tussen ons, Sy weg oopmaak. En nou gaan ons probeer, vanaand, deur die genade van God, om hierdie Vierde Seël te neem, en sien wat die Heilige Gees vir ons te sê het, in Dit.

Nou ek gaan die—Openbaring lees, die 6de hoofstuk, en vanaf die 7de vers; 7de en 8ste. Daar's altyd twee verse; die eerste is die aankondiging, en die tweede vers is wat hy gesien het.

> *En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk!*
>
> *En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood, en die doderyk het hom gevolg. En aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde.*

Nou, die Here help ons nou om Dit te verstaan. Dis 'n verborgenheid.

8 Nou, net 'n klein voorskou, om terug te gaan, soos ons die kerkeeue gedoen het, hierdie ruiters en die breek van hierdie Seëls. Nou, net om dit in ons gedagte te bring, net 'n bietjie praat totdat ons voel dat dit die regte tyd is om te spreek.

Nou, ons het nou opgelet, dat, die breek van die Seëls, dis die verseëlde Boek van Verlossing. En dan word die Boek opgerol soos 'n boekrol, net soos die ou manier was.

[Broer Branham illustreer die rol en verseëling van 'n boekrol, deur velle papier te gebruik — Red.] Dit was nie 'n boek van *hierdie* tipe nie; want dit het net onlangs ingekom, hierdie soort boeke, in die laaste, o, ek reken 'n honderd-en-vyftig jaar, of iets, tweehonderd. En dan sou hulle dit oprol, en die einde ooplos. Soos ek julle vertel het hoe dit gedoen was, en Skrifte, waar om dit te vind, en in Jeremia, ensovoorts. Dan word die volgende omgerol, en die end word oopgelos, en soos dit.

En elkeen was 'n Seël. En dit was 'n sewe-verseëlde Boek, en dit was 'n … Niemand … Toe hulle … Dit was die sewe-verseëlde Boek van Verlossing. Verskoon my.

9 En, dan, niemand in die Hemel of op aarde, of onder die aarde, was waardig om Dit oop te maak of selfs om daarna te kyk nie. En Johannes het geween, omdat hy geen mens kon vind nie Want, as daardie Boek nie uit die hand van die oorspronklike Eienaar gevat word nie. Dit was verloor deur Adam en Eva, en het teruggaan, nadat hulle hulle regte verbeur het van die Woord, die beloftes, hulle erfenis.

Hulle, onthou, hulle het die aarde beheer. Hy was 'n—hy was 'n amateur god, want hy was 'n seun van God. En 'n seun van God is 'n—'n—'n amateur god. Nou, dit is nie teenstrydig met die Skrif nie. Ek weet dit klink vreemd.

Maar Jesus het gesê: "As julle hulle roep, na wie die Woord van God gekom het …" En na wie kom die Woord van God? [Gemeente sê: "Profete." — Red.] Die profete. "As jy hulle, na wie die Woord van God kom, 'gode' noem, hoe kan julle My oordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?" Sien?

En, nou, hulle was gode.

10 En mans, as jy gebore word in die familie van jou familie naam, is jy 'n seun, en deel van jou vader.

En toe—toe sonde ingekom het, het ons uitgevind die mens het die oor die gaping gegaan. En—en die bloed van bulle en bokke, het bedek, maar nie kwytgestel nie. Totdat, die ware Bleikmiddel gekom het, wat die vlek van sonde kon neem en dit heeltemal kon opbreek, en dit terugstuur op sy oorspronklike verdraaier, dit was Satan.

Dit het teruggegaan op Satan, hy wag vir sy tyd van Ewige uitwissing. Nou, dit wys wat ons glo. Ons glo dat hy absoluut heeltemal weggedoen en vernietig sal word.

11 Ek glo daardie sonde sal opgebreek word. En wanneer dit bely word, op die basis van die Bloed van Jesus Christus, is dit soos om 'n druppel swart ink in 'n klomp Clorox bleikmiddel te laat val. Dit breek dit op in die chemikalieë, en stuur dit reguit terug na waar dit vandaan kom. Sien? En dis wat die Bloed van Jesus Christus maak.

Dan, dit sit 'n mens weer terug oor die gaping, as 'n seun van God. Sien? En dan—dan word hy 'n—'n … Wel, selfs hy … Die skeppende krag van God is in hom. En, dan, wanneer God dit ookal kan beveel om gedoen te word, sal dit gedoen word. En ons kom terug. Dat wanneer die—die …

12 Moses, onder die bloed van bulle; en toe hy daardie Lig ontmoet het, die Kolom van Vuur in daardie brandende bos. En hy gestaan het, daar, in 'n opdrag wat God hom gegee het. En hy was 'n profeet. En toe die Woord van die Here na hom gekom het, het hy gepraat, en selfs dinge geskep deur die Woord. Sien?

Nou, as dit so sal doen onder dit, die bloed van bulle, wat van die Bloed van Jesus? Nie bedek nie; maar vergewe, heeltemal. En jy staan in die Teenwoordigheid van God, as 'n seun wat verlos is. Nou, sien, die Kerk is ver onder sy lewenstandaard. En ek dink, te veel kere, ondersoek ons in plaas van om regtig uit te kom en die probleem in die gesig te staar.

Ek het iets wat ek wil sê, en ek—ek sal op die tydstip.

13 En let nou op dat daar iets verkeerd is iewers in die kerke. En ek dink dis die denominasionele stelsels wat die mense se gedagtes verdraai het, ensovoorts, totdat hulle nie weet hoe om dit te doen nie. Dis reg.

Maar ons is belowe dat Dit geopenbaar sal word. En nou is daar Sewe Seëls waarmee hierdie Boek verseël is. En daardie Sewe Seëls nou …

En dan na hierdie Sewe Seëls klaar is, vind ons, in Openbaring 10, dat daar sewe geheimsinnige Donderslae was wat Johannes opdrag gegee het om te skryf, maar toe verbied was om te skryf. En in die tyd van daardie Donderslae, vind ons Christus, of: "Die Engel het neergedaal met 'n reënboog, en Sy voete op die land en see gesit, en gesweer dat die tyd nie meer is nie, op daardie tyd."

14 En dan vind ons—vind uit, dat in die openbaring van die Seëls, dat die—die Lam Sy bemiddelaar werk gelos het as 'n Bemiddelaar, en nou na vore gekom het om Sy regte op te eis, almal wat Hy deur Sy dood verlos het.

En, dan, kon niemand die Boek oopmaak nie. Niemand het Dit verstaan nie. Dit was 'n Boek van Verlossing. En God die Vader, Gees, het Dit in Sy hand gehad, want Christus was op die Troon as 'n Bemiddelaar, die enigste Bemiddelaar. Daarom, dat daar geen heilige, geen Maria, geen Josef, niks anders, op daardie altaar kan wees nie, want dit was Bloed. En net die Bloed van Jesus kon die versoening maak, so niks anders kon as 'n Bemiddelaar staan nie. Dis reg. Daar was niks anders nie.

15 So al hierdie idees van bemiddeling met Judas vir politiek, en bemiddeling met Sint Cecilia vir iets anders, dis onsin. Dis nie … ek—ek sê nie daardie mense is nie eerlik en opreg nie. Ek sê nie jy is nie opreg met wat jy doen nie, as jy dit doen. Maar, jy's verkeerd, jy's—jy's heeltemal verkeerd. En enigiets …

Hulle sê: "Wel, hierdie—hierdie Engel, dit—dit het aan Sint Bonifer verskyn en *dit, dat*, en die *ander* gesê. En hulle behoort *dit* te sê." Ek betwyfel dit nie 'n bietjie nie, volgens my, maar oor wat iemand in die visioen gesien het. Ek—ek twyfel nie dat Joseph Smith die visioen gesien het nie, maar dit was nie volgens die res van die Woord nie. So daarom, vir my, is dit verkeerd. Sien? Dit moet saam met die res van die Woord gaan.

16 Dis hoe met die kerk tydperke, en Seëls, en die res van Dit. En as enigiemand dink dat hy daardie Sewe Donderslae het, as dit nie met die res van die Woord vergelyk nie, is daar iets verkeerd. Sien? Dit moet kom, SO SPREEK DIE HERE, want *Dit* is die Boek. *Hierdie* is die Openbaring van Jesus Christus, in Sy geheel.

Nou, ek—ek glo dan dat die Lam voortgekom het.

17 Hulle het nie geweet nie. Johannes het geween. Hy kon niemand vind, in die Hemel, op die aarde, want alles was aan die anderkant van die gaping, sien, sonde. Daar was niemand … En 'n Engel, natuurlik, Hy sou waardig wees, maar, na alles, dit moes 'n Bloedverwant wees. Dit moes 'n menslike wese wees. En daar was nie so-iets nie, want elke mens is deur seks gebore.

Hy moes Een vat wat gebore is sonder dit. So God Homself het dit gevat, deur die maagdelike geboorte, en Emmanuel geword. Sy Bloed was die Een wat waardig was. Toe Hy hierdie gaping oorbrug het, Homself, en die prys betaal en die weg vir die res van ons oorbrug het, toe het Hy gaan sit, om Bemiddelaar te wees. En Hy sit daar.

18 En die Boek is eintlik toe, die hele tyd. Dis daar, maar Dis steeds in simbole. Hulle het Dit gesien. Selfs Johannes het Dit gesien. Die aankondiging, toe die eerste uitgekom het, het hy gesê: "'n Wit perd het uitgegaan; hy het 'n ruiter op hom gehad; het 'n boog in sy hand gehad." Dis 'n simbool. Dit is nie geopenbaar nie. Nee. Dis net 'n simbool. En, volgens enige mens op die aarde, is dit al wat hy kon sê. Dis reg. Hy mag struikel en steier, sonder twyfel, êrens *hier* of *daar* tref, en na 'n ruk.

Maar ons vind uit, toe, dat in die Boek van Openbaring: "Met die sewende engel se Boodskap, moet al die verborgenhede (al die verborgenhede van Dit) alreeds teen daardie tyd geopenbaar wees." Nou, dis Openbaring 10:1-7, dat Dit geopenbaar moet word volgens daardie tyd, op daardie tyd toe Hy het.

Toe het die Sewe Donderslae hulle vreemde stemme laat hoor, en Johannes wou skryf. Maar, Johannes het geweet wat Dit was, maar hy—hy het Dit nie geskryf nie want hy was verbied om Dit te skryf. Dis absoluut, en geheel en al, 'n verborgenheid. Dis nie eens in simbool of niks nie. Ons weet net Hy … Dit het gedonder, dis al.

19 En nou in die bestudering hiervan nou, moenie vergeet, nou, Sondag, of Sondagoggend, het ons die genesingsdiens weggevat vir die antwoorde op die—op die mense se vrae. Nou, ek wil hê as julle 'n vraag het oor hierdie Sewe Seëls, as dit julle pla, iets wat julle nie verstaan nie. Laat ons dit oor die Sewe Seëls doen. Dan kan ek sê, teen Saterdagaand, of dit genoeg is om—om hulle te antwoord, of nie, julle sien. En dan net nou, sê net, wel, oor iets anders, of: "Moet ek *dit* doen?" Of—of, dalk 'n droom gehad. Dit, dit is alles waardige dinge, onthou nou. Hulle is waardige goed. Maar laat ons by die Sewe Seëls bly. Dis waar ons nou is. Laat ons … Dis waarvoor die—die byeenkoms bestem is, die Sewe Seëls. Laat ons reg Daarby bly.

20 Ek moet huis toe gaan, moet 'n paar dienste buite in die weste hê. Ek sal dan weer terug wees, oor bietjie meer as 'n maand of twee, of so-iets, en miskien sal die Here toelaat dat ons iets anders daaroor kan hê, miskien 'n genesingsdiens of iets dan, of wat ons ookal is … wat dit ookal is.

Dan het ons Sewe Basuine hier, om nog by uit te kom, julle sien. En hulle almal kom daarin, ook. En die Sewe Skale, sien, wat uitgegooi moet word. So, en dit sal alles reg hiermee saamsmelt, maar dis alles nog geheime.

Nou, gisteraand … Ons vind dat die Eerste Seël uitgegaan het, en die ruiter … En die Here … Sowaar, ek het dit nooit tevore geweet nie. Nie een van hierdie dinge het ek ooit voorheen geweet nie. Dis reg. En ek doen dit net nie.

Gaan net, en vat die Bybel en gaan sit, en bly daar totdat Dit so begin oopgaan. Ek tel net my pen op en begin skryf. En bly net daar, miskien vir ure, totdat Dit—Dit klaar is.

21 Dan gaan ek terug, en ek vind uit, soos ek sien waar Hy Dit gesê het. Ek het gedink: "Wel, dit lyk asof ek dit iewers gesien het." Ek kry my konkordansie, kyk terug. "Is daar iets soos Dit? En hier is Dit net *hier.* En dan hier is Dit weer *hier*. En hier is Dit hieragter, en hieronder, en hier." Dan sit ek Dit net reg in. Ek weet dis God, solank Dit Skrif met Skrif vergelyk. Dis hoe Dit moet wees. Net soos om 'n gebou aanmekaar te sit, die klippe moet pas, klip vir klip.

22 Nou, gisteraand het ons die opening van die—van die Derde Seël gehad. Eerste was 'n wit perd, en die volgende was 'n rooi perd, en toe 'n swart perd. En ons vind uit dat die ruiters dieselfde ruiter was, die hele tyd; en dit was die antichris, om mee te begin. Hy het geen—geen kroon gehad nie, maar hy het later een ontvang. En dan vind ons uit dat 'n swaard vir hom gegee is, om vrede van die aarde af weg te neem, en ons vind uit dat hy dit gedoen het. Toe het hy ingekom met die dogmas van donasies, die kerk met geld, deur 'n pennie vir *dit* te weeg, en twee pennies vir *dat*. Maar hy is verbied om die Olie en die wyn aan te raak, wat min was wat oor was.

23 En toe het ons opgehou, gisteraand, met die illustrasie van wat die Olie en wyn was, en wat die effekte was wat Dit gehad het. En ons … Dit mag dalk 'n bietjie onbeleef geklink het, maar ek … dit was net presies die Waarheid. Sien? Nou, ons het aangegaan met … Laat ons, net 'n paar oomblikke, dit nou hersien. En toe het ons aangegaan, met die krag van die wyn, wat die Olie voorgestel het, Gees. Nou, ek skat julle almal het dit alles neergeskryf. Jy sal dit op die band vind, as jy nie het nie. En waar om die Skrifte te vind, waar, die olie simboliseer altyd die Heilige Gees. Soos die dwase maagde met geen Olie nie, wyse maagde met Olie, wat die Heilige Gees is. En dan terug, in—in die—die profete, ensovoorts. En nou ek …

Natuurlik, probeer ek nie om elke Skrif daarvan aan te haal nie. En daar's dinge waaroor jy nie eens kan praat nie; neem te veel tyd. Maar ek probeer om hier te plaas, met Skrifte ensovoorts, gee net genoeg vir die mense sodat hulle sal weet en die prentjie Daarvan sien. Maar as jy sou sit met een van daardie Seëls, wel, goeiste, jy kan 'n maand preek elke aand, net oor daardie Seël, en steeds Dit nie eens aanraak nie, sien, net een van Hulle. En dis hoe—hoeveel daar Daaraan is. Maar, tref net die hoogtepunte Daarvan, dan kan jy—jy kan sien waaroor Dit alles gaan.

24 Nou, soos olie die Heilige Gees gesimboliseer het. Dan vind ons uit dat olie en wyn verbind is in aanbidding, sien, altyd verbind in aanbidding.

En die wyn, het ek gesê, wat na my toe gekom het, dat die wyn simboliseer dat dit die krag was van—dit was die krag van stimulasie deur openbaring. Sien? En dis wanneer iets geopenbaar is. Dit gee stimulasie aan die gelowige, want dit word aangebied deur openbaring. Sien? Dis iets wat God gesê het. Dis 'n verborgenheid; hulle kan Dit nie verstaan nie, sien. En, na 'n ruk, kom God af en openbaar Dit, en bevestig Dit dan.

25 Onthou, as die Waarheid geopenbaar word, word die Waarheid ook bevestig. God, voortdurend, maak nie saak hoe slim die persoon mag wees nie, hoe briljant hy in sy gemoed mag wees nie; as God nie rugsteun wat hy sê nie, is daar iets verkeerd. Sien? Reg. Want, dis die Woord.

Nou, toe Moses daar uitgegaan het onder die inspirasie van God, gesê het: "Laat vlieë kom." Daar was vlieë. Gesê: "Laat paddas voortkom." Paddas het voortgekom.

Sien, wat as hy gesê het: "Laat vlieë kom," en hulle het nie gekom nie? Sien, dan het hy—hy nie die Woord van die Here gespreek nie, sien; hy het net gespreek, hy het sy eie woord gespreek. Hy het dalk gedink daar behoort vlieë te wees. Maar, daar—daar het geen vlieë gekom nie, omdat God hom nie so gesê het nie.

En wanneer God jou enigiets vertel, en sê: "Gaan doen jy *dit*, en Ek sal reg wees daarmee, want dit is My Woord," en Hy wys dit in die Bybel, dan staan God reg agter dit. En as dit nie in die Bybel geskryf is nie, staan God daaragter, in elk geval, as dit God se Woord is. Sien?

En dan as dit buite dit is, word dit geopenbaar aan profete. Ons besef dat al die verborgenhede van God bekend gemaak word aan profete, en hulle alleen. Sien, Amos 3:7.

26 Nou, nou, die krag van openbaring bring stimulasie vir die gelowige. Want, die krag van wyn, natuurlike wyn, is om te stimuleer. Sien? Dis om—om 'n persoon, wat heeltemal teruggesak het, te stimuleer. Sien? Sien? Wel, dan, nou, daar is 'n krag in die openbaring van die Woord, gee stimulasie van vreugde aan die gelowige, stimulasie van bevrediging, die stimulasie dat Dit bevestig word, Dis bewys.

27 Dit word genoem, in die Skrif, soos ons daarna wil verwys, as "nuwe wyn." Ons verwys altyd so daarna, soos: "Hulle is dronk van nuwe wyn." Sien? Goed. Of: "geestelike wyn," dink ek, sal die beste interpretasie wees. Dit sal wees, oor "geestelike wyn." Soos die natuurlike wyn homself openbaar in gestimuleerde krag, so maak die nuwe wyn, soos Dit die Woord van God openbaar, wat Gees is. O! Nou daar's 'n … dis 'n … Sien, die Woord Self is Gees. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Laat ons dit lees. Laat ons dit lees, Johannes 6. Laat ons net … Ja, dan sal jy—dan sal jy—jy nie sê: "Wel, nou, iemand het dit gesê nie." Laat ons—laat ons sien Wie dit gesê het, en dan sal ons weet of dit Waarheid is, of nie. Johannes, die 6de hoofstuk. En die 6de hoofstuk, en ek glo dis die sestig- … 63ste vers, goed, ek dink dit is dit. Ja.

> *Dit is die gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.*

28 Die Woord Self is Gees. Dit is Gees in Woordvorm. En dan, julle sien, wanneer Dit opwek, of lewendig gemaak word, dan begin die Gees van die Woord werk en tree so op. Sien? Omdat die …

Nou kyk hier. 'n Gedagte moet 'n gedagte wees voor dit 'n woord kan wees. En dan wanneer 'n gedagte aangebied word, is dit 'n woord. Nou, *dit* is God se gedagte wat Hy in die Woord geplaas het. En dan wanneer ons Dit van Hom kry, word Dit 'n Woord.

God het aan Moses geopenbaar wat om te doen. Moses het dit gespreek, en dit het gebeur. Sien? Dit is dit, wanneer dit regtig van God af kom.

Nou ons vind uit, dat—dat Dit—Dit stimuleer en Dit gee vreugde, want Dit is God se Woord. En die nuwe wyn, die nuwe wyn stimuleer die … wanneer Dit die Woord openbaar. Dan, bring dit vreugde onmeetbaar, soms. Ons het deur dit gegaan, dat dit sulke vreugde bring dat jy oorloop.

29 Nou, ek weet daar's 'n klomp fanatisme, en mense wat aangaan. Ek weet partymaal doen hulle dit wanneer die musiek op-en wakker is, en alles. En ek weet dit gebeur. En ek—ek glo dit, ook. Maar ek het mense in ons dag gesien wat, solank as wat die musiek speel, het almal gespring en geskree; maar toe die musiek opgehou het, het dit opgehou. Sien? Ek glo … Wel, dit, dis steeds in orde, wat my betref, julle sien, solank mense reg lewe. En …

Maar, nou, as, jy begin om die Woord bring! Nou, dis die ding wat eintlik Lewe bring, is die Woord, en dit bring die vreugde van stimulasie van nuwe wyn. Sien? Ja. En dis wat dit was met Pinkster, toe die Woord bevestig is.

30 Nou kyk. Nou, Jesus het vir hulle gesê, Lukas 24:49: "Kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle; maar gaan julle op na Jerusalem en wag totdat." Wat was die belofte van die Vader? Joël 2:28, wel, ons vind uit, Hy gaan "die Gees uitstort." In Jesaja 28:19, hoe daar "stamelende lippe en ander tale," en al hierdie dinge sou wees.

Hulle het soontoe gegaan. En soos ons daardeur gegaan het, miskien het een gesê: "Wel, ek glo ons het lank genoeg gewag. Laat ons dit net deur geloof aanvaar." Dit was 'n goeie Baptiste leerstelling, maar dit het nie met daardie broers gewerk nie.

Toe, voor jy weet, moes dit 'n werklikheid word. En hulle het gewag op hulle bediening, vir die Woord om bevestig te word. En wanneer jy kom om die Heilige Gees te soek, doen jy dieselfde.

Ja, jy kan dit aanvaar deur geloof. Jy moet Christus deur geloof aanvaar. Dis presies reg. En jy aanvaar die Heilige Gees deur geloof; maar laat die Heilige Gees dan kom en die besnydenis doen, as 'n getuienis dat Hy jou geloof aanvaar het, jy sien. Kyk, dan, "Abraham het God geglo, en dit was aan hom toegereken vir geregtigheid." Maar God het hom die teken van besnydenis gegee, as 'n bevestiging dat Hy sy geloof aanvaar het.

31 So dis dieselfde ding wat ons moet doen. Ons moet wag op die Heilige Gees totdat Dit iets doen; nie noodwendig omdat ons in tale praat nie, nie omdat ons gedans het, of ons emosioneel geraak het nie, ons uitgeroep het. Totdat ons verander is; totdat iets werklik gebeur het! Ek gee nie om in watter vorm dit kom nie. Net dat dit gebeur het, dis die belangrikste ding. Sien?

32 En ek glo dat praat in tale en al hierdie ander dinge is in orde, maar net dit op sigself sal nie werk nie. En julle weet dit sal nie werk nie. So, dit doen dit nie.

Ek het hekse in tale sien praat, towenaars gesien praat in tale en dans in die gees. Sekerlik. Lê 'n potlood neer en dit skryf in onbekende tale. En iemand interpreteer dit, dis reg, en praat die waarheid. Dis reg. Het net presies geskryf wat gebeur het, en dit was net presies so. Sien hoe hulle stof op hulle kop gooi, en hulleself met messe sny, en dit oraloor bedek met die bloed van 'n wildebees of iets, en—en, sekerlik, sien, en die duiwel roep. So, julle sien, dit doen nie …

Praat in tale doen dit nie. "Al spreek ek in tale van mense en Engele, en het nie liefde nie, het dit geen voordeel vir my nie. Sien, al sou ek dit kon doen!" Sien? So daardie dinge beteken nie dat jy die Heilige Gees het nie.

Maar wanneer Hy, die Persoon, die—die onsterflike Gees van Christus jou persoonlike Verlosser word, en jou verander, en jou sienings reguit in Golgota inbring en na hierdie Woord, het iets gebeur. Ja, meneer. Iets het gebeur. Niemand sal jou daarvan hoef te vertel nie. Jy sal dit weet wanneer dit gebeur.

33 En die nuwe wyn, wanneer dit openbaring bring, dan word Dit—Dit is geopenbaar.

En dis hoe dit by Pinkster was. Hulle het geweet dat—dat daar veronderstel is om 'n Gees op hulle uitgestort te word, en hulle het gewag totdat dit gebeur het. En toe die bevestiging van die openbaring plaasgevind het, toe was stimulasie op hulle. Hulle het beslis. Hulle het opgewerk, ook Hulle, reguit in die strate in; waar, hulle bang was, en die deure gesluit het. En hulle was buite in die strate; waar, hulle bang was vir 'n groep mense; verkondig die Evangelie aan hulle! Dis reg. Sien? Iets het gebeur, omdat die ware Woord van belofte bevestig is.

34 Nou laat ons 'n oomblik hier stop. As dit vir daardie manne so 'n positief gebring het, dat hulle—hulle … Byna elkeen van hulle het hulle getuienis verseël met hulle bloed. Maak nie saak wat gebeur het nie, solank hulle gelewe het, hulle het nooit oor Dit gekom nie. Dit het daar gebly, want dit was die ware Woord van belofte, bevestig. Die openbaring was bevestig. En hulle het gesterf, hulle getuienis verseël met hulle eie bloed.

Nou kyk na die belofte van die laaste dae. En hier sien ons dit bevestig reg voor ons, die—die huidige koms van die Heilige Gees en die werke wat Hy veronderstel was om te doen, en ons vind dit reg onder ons. Sien? O, ons behoort … O, goeiste! Hoe kan ons hoor? Iets vind plaas, ek sê jou, vriend! Wanneer die eerlike, ware, opregte, voorbestemde gelowige, wanneer daardie Lig daardie saad tref, bars iets uit na 'n nuwe Lewe. Daardie vroutjie by die put!

35 Toe, daardie geleerde priesters gesê het: "Wel, dis die duiwel. Hy's 'n fortuinverteller. Hy—Hy vertel net daardie mense hulle fortuin. En Hy's—Hy's 'n duiwel."

Maar, toe, daardie vroutjie met daardie voorbestemde saad! Nou dink julle dis nie reg nie? Maar Jesus het gesê: "Niemand kan kom, tensy My Vader hom trek nie; en almal wat die Vader My gegee het sal kom." En Hy …

36 En die antichris, die laaste dae, gaan in staat wees … Daardie antichris gees wat ons bestudeer, in denominasionalisme, en bewys dat denominasionalisme antichris is. Nou, hoe, enige mens kan wegloop

van hier af so, hy, daar's iets verkeerd, en steeds glo dat die denominasionele stelsel nie antichris is nie. Wanneer, dit absoluut bewys is, van geskiedenis, van alles wat daar is, regdeur God se Bybel en alles anders, dis antichris. En Rome is die hoof daarvan. En die dogterkerke volg presies. En albei van hulle word in die hel gewerp. Dis reg. So ons sien hierdie ding, antichris, die gees van dit.

En die dag waarin ons lewe, en, wel, dit behoort "onuitspreeklike vreugde en vol heerlikheid" te bring. Daardie ou vroutjie, sodra dit haar getref het, goeiste, het die saad uitgebars!

37 Nou, onthou, die Bybel sê, dat in die laaste dag, dat hierdie antichris "die hele wêreld sal mislei."

Daar sal net 'n klein getal wees, wie se name geplaas is in die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld. En wanneer daardie ware bevestiging van die geopenbaarde Waarheid van God se Woord daardie hart tref, sal hy die water tref, en daar met die Heilige Gees, net so hard as hy kan. En jy kan hom nie keer om dit te doen nie, want die nuwe Lewe het aangehou werk.

38 Ek het met 'n persoon gepraat, nie lank gelede nie, het probeer om met my te praat, en gesê: "Is jy nie skaam om te sê dat 'God die hemele en aarde geskep het in drie dae … of in ses dae' nie?"

Ek het gesê: "Dis wat die Bybel gesê het."

Gesê: "Wel, ons het bewyse en kan bewys dat die wêreld miljoene jare oud is."

Ek het gesê: "Dit het niks daarmee te doen gehad nie. In Génesis 1:1, het Dit gesê: 'In die begin het God die hemele en aarde geskape.' Punt! Dis al, sien. 'Nou die wêreld was sonder vorm, en leeg.' En ek het gesê: "Ek glo elke saad het net daar gelê, van een of ander beskawing of iets. En sodra die water opgelig het, en die lig dit getref het, het die bome en alles opgekom."

En dieselfde ding met 'n menslike wese, is 'n tipe. Wanneer al die—die—die mis wegbeweeg het, en die geopenbaarde Waarheid aan die ware saad wat daar lê, ontkiem, en die Lig van die Evangelie dit kan tref deur ware bevestiging van die Woord, sal dit lewe. Dit het Lewe daarin. Dit sal glo. Buite dit, kan dit nie lewe nie; dit het geen Lewe in dit nie.

39 Daardie name is geplaas op die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld, en sal voortkom net so seker as enigiets. En dis waarom Jesus net Daar sit en wag met Sy Bemiddelaarswerk, tot daardie laaste saad. En Hy sal presies weet wanneer dit tref.

Soos Dr. Lee Vayle … ek neem aan hy's steeds in die diens iewers. Ek het hom nie vir dae gesien nie. Ek glo nie ek het hom gesien nie. ['n Broer sê: "Hy is hier." — Red.] Hy is hier. Wel, nou die dag het hy vir my hierdie papiertjie gestuur, oor wat Irenaeus gesê het. Wel, ek het Irenaeus gekies, van die begin af, om die engel van die eeu te wees wat hy was. Maar hy het gesê: "Wanneer daardie laaste lidmaat van die Liggaam inkom," in hierdie laaste tydperk: "dit behoort … die ding sal geopenbaar wees op daardie tydstip." En hier is dit. Dis presies reg. Sien? Ons is in die dag. Goed.

40 Toe, het Pinkster baie vreugde gehad. Hulle was regtig gestimuleer. Ek dink, dit gebeur met enigiemand.

Laat ons net 'n oomblik vat. Laat ons dink aan Dawid. Hy—hy het gestimuleer geraak, ook. Hy het gesê: "My beker loop oor." Ek glo hy het regtig 'n—'n groot gebeurtenis in sy lewe gehad. Wat, wat het hom dit laat doen? Toe hy in die Gees was … Want, hy was 'n profeet. Ons weet hy was. Die Bybel het so gesê. Profeet Dawid, nou, want hy was 'n profeet, en hy was in die Gees, en hy het die opstanding gesien. As jy dit graag wil lees, dit is in Psalm 16:8 tot 11. Hy het gesê: "Verder is my vlees bly gemaak. Goeiste! Ek—ek rus in hoop, want U sal nie my siel in die hel laat nie; ook sal U nie toelaat dat U Heilige korrupsie sien nie." En ek sê julle, sy beker het begin oorloop, want hy het gesien. Maak nie saak wat dit was nie; o, hy het die opstanding gesien, en hy was regtig … en sy beker het oorgeloop.

41 Weereens, Dawid het nog 'n beker gehad wat oorgeloop het, in Twee Samuel, (omdat julle julle potlode uitgehaal het), Twee Samuel 6:14. Daar was 'n droë tyd.

Hulle het die ark gevat. Die vyand het ingekom en die ark van die Here gevat, en hulle het dit afgevat en dit opgesit voor Dagon, en Dagon het op sy gesig geval. En dit na 'n ander stad geneem, en plae het uitgebreek. Dit was … Dit was die warmste ding wat hulle ooit op hulle hande gehad het, daar. En hulle kon nie daarvan ontslae raak nie, want dit was uit sy plek.

Nou, toe hulle dit op die ossewa gesit, en teruggegaan het. En toe Dawid die ark sien kom het, weet julle wat hy gedoen het? Hy—hy was so oorstelp, en sy beker het begin oorloop; die stimulasie! Toe hy gesien het die Woord word weer in Israel geopenbaar, het hy in die Gees gedans, om, rondom, om, om, om, soos dit. Ja. Sy beker het begin oorloop, julle sien. Hoekom? Hy het die Woord sien terugkeer.

En ek dink dit sou enigeen 'n bietjie stimuleer as hulle sien, na al hierdie jare; en dan die ware Woord, deur die belofte dat dit sal wees, dit dan voortgebring en bevestig word. Wat 'n tyd! Wat 'n tyd!

42 Nou laat ons lees. Ek—ek raak aan die praat, dan sal ek nie hierby uitkom nie, en ek sal julle almal hier hê tot tien-dertig. Ek het julle vroeg gisteraand laat gaan, so ek behoort julle vanaand lank te hou. [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ja. Ja. Nee, ek terg julle net. Sien? Ek's … Ons wil net hê soos die Here ons nou sal lei.

> *En toe Hy die vierde seël oopgemaak het, hoor ek die stem van die vierde lewende wese sê: Kom kyk!*

43 Nou: Toe die Lam die Vierde Seël oopgemaak het. Laat ons net daar stop. Die Vierde Seël, nou, Wie het Dit oopgemaak? Die Lam. Was enigiemand anders waardig? Niemand anders kon dit doen nie. Nee. Die Lam het die Vierde Seël oopgemaak.

En die—die vierde Gedierte, die lewende Wese soos 'n arend, het vir Johannes gesê: "Kom, kyk wat die vierde verborgenheid van die plan van verlossing is, weggesteek in hierdie Boek," want die Lam het Dit oopgemaak. Met ander woorde, dis wat hy gesê het. "Daar is 'n vierde geheim hier. Ek het julle gewys, in simbool vorm. Nou, Johannes, ek weet nie of jy Dit verstaan het, of nie." Maar, hy het neergeskryf wat hy gesien het, maar dit was 'n verborgenheid. So, hy het geskryf wat hy gesien het.

44 Die Lam het die Seëls oopgebreek, en God wou Dit steeds nie openbaar nie. Dit was gelos vir die laaste dae. Sien? Nou, ons het simbole gehad, en ons het dit ondersoek, en soms baie goed gedoen, sien. Maar ons weet Dit het net voortgegaan. Maar nou, in die laaste dae, kan ons terugkyk en sien waar Dit was. En dit is veronderstel om gedoen te word, dit, aan die einde van die kerk tydperk, net voor die Wegraping.

Hoe enigiemand die Kerk kan kry om deur die Verdrukking te gaan, weet ek nie. Maar waarvoor het Dit nodig om deur die Verdrukking te gaan, wanneer Dit nie—nie 'n sonde het nie? Ek bedoel … ek bedoel nie die kerk nie; die kerk sal deur die Verdrukking gaan. Maar ek praat van die Bruid. Die Bruid, nee, Dit het nie 'n sonde teen Dit nie, geensins Dit is klaar gebleik, en daar is nie eens 'n—'n … Daar's nie eens 'n reuk daarvan nie, en niks oor nie. Hulle is volmaak, voor God. So hoekom enige Verdrukking om hulle te reinig? Maar die ander moet. Die kerk gaan wel deur die Verdrukking, maar nie die Bruid nie.

Nou, nou het ons dit nou net in alle soorte simbole gesien. Soos die—die kerk, Noag, die tipe oorgedra, het uitgegaan in sonde. Sien, nou, hulle het wel oorgegaan. Maar, Henog het eerste gegaan, dit was die tipe van die heiliges wat sou ingaan, en voor die Verdrukkingsperiode.

Nou ons vind uit, hierdie Lam het die Seël oopgemaak.

45 Nou, die eerste Gedierte wat ons vind, as julle oplet, die eerste Gedierte wat ons vind, was 'n … Die eerste Gedierte was 'n leeu, 'n lewende Wese; gevind in die boek van die see- … van die kerk tydperke. En toe die tweede Gedierte, glo ek, was die—die gesig van 'n os, of 'n kalf. En die derde Gedierte was die gesig van 'n mens. Maar die vierde Gedierte was die gesig van 'n arend. Nou dis presies hoe ons hulle gekry het, net presies so roteer. En dis presies hoe hulle selfs hier in die Boek geplaas is.

46 En dan soos 'n groot leermeester, op 'n tyd in Florida, geleer het, gesê dat—dat die … dat: "Die Boek van Handelinge net 'n—'n steierwerk vir die—vir die Kerk was. Die Kerk is gevind in die vier Evangelies."

En ons vind, omgekeerd daarvan, dat dit die vier Evangelies is wat die Boek Handelinge bewaak. Dis van daardie vier Evangelies wat die Boek van Handelinge geskryf is, die handelinge van die Heilige Gees in die apostels. En ons vind, oor in die Boek, dat daardie wagte daar gesit en kyk het; oos, noord, wes, en suid. Onthou hoe ons dit hier geteken het? En hoe pragtig en perfek alles net op sy plek getref het!

47 Nou ek wil hê julle moet oplet. Gesê: "Kom en sien." Johannes … Nou ek wil hê julle moet weer oplet, voor dit. Nou, die hier is die laaste van die ruiters, om die werking van die antichris te openbaar.

Môre-aand, deel met die siele onder die altaar.

Die volgende aand, die oordele.

Die volgende aand, die weggaan, van die—van die einde van die eeu, einde van die tyd, van alle dinge, sien, wanneer Sy opgeneem word. Daarom, reg in daardie Sewende Seël daar, gooi Skale uit, en alles anders word uitgestort. Wat hulle is, weet ek nie.

48 Let op. Maar nou, oor dit hier, vind ons dat hierdie kêrel hier 'n arend is, hierdie man wat … of hierdie lewende Wese wat nou hier uitgestort word. Of, met ander woorde, daar is vier verskillende tydperke van Dit. Daar was 'n tydperk van die leeu. En, ons vind uit, dit is die vierde eeu.

En hy het gesê: "Kom en sien die vierde verborgenheid van die Boek van Verlossing, wat in hierdie Boek weggesteek was. Kom, kyk." En Johannes het gaan kyk, en hy het 'n vaal perd gesien. En, weer, dieselfde ruiter op hierdie vaal perd.

49 Nou hy het 'n naam gehad synde Dood. Nou let op. Nie een van die ander ruiters, geen van die ander perde, of geen tyd wat hierdie ruiter ooit gery het, wat hulle nie gehad het; wat daardie man geen naam gehad het nie. Maar nou word hy Dood genoem. Dit word nie genoem nie. Sien? Hy word nou geopenbaar. Wat hy is, is dood.

Wel, hoe sou ons nie daarby kon vertoef vir 'n preek nie, en dit baie duidelik maak! Maar enigiets wat anti is, wat teen die werklike is, moet die dood wees. Want, daar's net twee onderwerpe, dis, Lewe en dood. En dit bewys dat die Heilige Gees se openbaring hiervan, in hierdie dag, presies die Waarheid is. Die anti, hy is dood. Want, die Woord, soos ons later hier sal sien, is Lewe. Sien?

50 En hierdie man word Dood genoem. Nou, dit word nie genoem in die ander tye, van hierdie ruiter nie. Maar, aangesien, dit nou genoem word, dat hy Dood genoem is..

Maar onder die openbaring van die leeu … Nou kyk. Nou ek wil dit aandagtig lees, sodat ek seker is; neergeskryf, plek, staan hier. Onder, nie onder die openbaring van die leeu se tydperk, of van die eerste tydperk, die vroeë tydperk, Dit was nie geopenbaar nie. Die volgende eeu was die eeu van die os, wat die donker tydperk was, die middeljare, dit was nie geopenbaar wat Dit was nie. Ook nie die mensagtige Gedierte nie, van wysheid, wat die hervormers verteenwoordig het, Luther en Wesley ensovoorts, Dit was nie geopenbaar nie. Maar in die arendeeu, die laaste tydperk, die profetiese eeu, waar daar profetiese uitlatings moet begin, sien, na wie die geheime altyd kom! Nou dis waar ons net …

51 Ons gaan 'n rukkie hierby vertoef, vanaand, sodat julle deeglik sal verstaan. Nou, meeste van tye, besef julle, hierdie … Ek praat nie net met hierdie groep hier nie. Hierdie bande gaan oral, sien, en ek moet dit duidelik maak. Want, iemand sal net een band kry, en dan, as hulle nie die res kry nie, dan hang hulle in die lug, sien. God het Dit belowe, sien, vir hierdie dag, vir die laaste, die beëindiging van al hierdie verskillende dinge wat aangegaan het en deurmekaar is. Ons is …

Ons het Elía se klere gehad. Ons het Elía se klere gehad. O, daar was mense wat … John Alexander Dowie is begrawe, toegedraai in 'n—'n mantel. Hy het gesê hy was Elisa. En ons het allerhande soorte goed gehad. Wat is dit, in elk geval? Dis net om 'n Waarheid weg te vat wat aangebied gaan word. Sien? Hulle het vals christusse gehad voor Jesus se tyd. Sien? Hulle doen dit altyd. Dis Satan, wat 'n namaaksel maak, om die gemoedere en die geloof van die mense om te krap, voor die ding werklik gebeur. Dis al.

52 Het Gamaliël nie dieselfde ding vir die Jode gesê daardie dag nie? Gesê: "Was daar nie 'n man wat opgestaan en verklaar het om Dit te wees nie? En hulle het vierhonderd in die woestyn gevat. Hulle het omgekom, ensovoorts."

Gesê: "Elke tak wat My Hemelse Vader nie geplant het nie," het Jesus gesê: "sal ontwortel word."

Gamaliël het gesê: "Los hulle uit. As hulle, as dit nie van God is, sal dit nie tot niks kom nie? Maar as dit van God is, sal julle gevind word om teen God te baklei." Die man het wysheid gebruik. Hy was 'n leraar.

53 Nou let op. Nou, om al hierdie geheime te beeindig, het God belowe dat daar 'n regte Elisa sou opstaan, 'n man gesalf met daardie Gees, en dit sal openbaar word. Hy het dit belowe in Maleági 4. En ek het notas en briewe gekry wat sê dat dit nie so is nie, maar ek wil graag met daardie persoon praat. Sien? Wel, jy kan dit nie ontken nie. Enige ware, goeie teoloog weet dat dit die Waarheid moet wees, dat hulle daarna soek.

Maar sal wees net dieselfde manier soos dit gekom het deur Johannes, die voorloper die eerste keer met Christus. Wel, hulle het hom nie herken nie, want daar was sulke groot dinge geprofeteer van hom. Wel, hy moes "al die hoë plekke laat laag word, en al die lae plekke hoog maak, al die rowwe plekke glad maak." En, o, hy … Die profete: Jesaja, sewehonderd-en-twaalf jaar voor sy geboorte; en Maleági, vierhonderd jaar voor hy op die toneel verskyn het; almal wat van hom geprofeteer het. En hulle het verwag dat een of ander gang van die Hemel af neergelaat sou word, en hierdie profeet sou reguit uitstap met sy staf in sy hand, van God.

54 En wat het gebeur? 'n Man wat jy … kon nie eens 'n lidmaatskap kaart wys nie. Hy kon nie 'n getuigskrif toon nie. Het in die woestyn gebly; nie eens 'n gewone skoolopleiding nie. Ons word vertel, deur historici, dat hy gegaan het na die wildernis toe hy nege jaar oud was, na die dood van sy vader en moeder. En het groot geword … Sy werk was te belangrik, om met een of ander teologiese skool te mors. Hy moes—hy moes die Messias aankondig.

God kon nie 'n man gebruik wat vol teologie gestop was nie. Hy kan dit nie doen nie, want hy sal altyd reguit terugdryf. Dis sy rigting van geleerdheid. Hy dryf terug na dit toe. So, as hy gaan om iets te sien, probeer hy terugdryf na wat die leraars gesê het. Sal beter wees as jy wegbly van daardie dinge, en net God glo.

En ons vind dat hulle hom nie herken het nie. Selfs die apostels wat daar gestaan het, het hom gemis. Wel, hulle het gesê: "Waarom sê die Skrif, die skrifgeleerdes, sê dat Elía …"

Hy het gesê: "Wel, hy het alreeds gekom, en julle het hom nie herken nie."

En dis die patroon waarvolgens ek die opstanding, of die Wegraping sien. Dit sal gebeur, en hulle sal … Ek weet dit klink vreemd. Maar miskien sal julle 'n bietjie meer weet na vanaand, as die Here wil, net hoe dit gaan wees, sien. Dit sal so 'n geheim wees, niemand sal daarvan weet nie, kwalik. Die wêreld sal net dink, net reguit aangaan soos dit altyd het, sien, en net … Dis hoe Hy dit altyd doen.

55 Julle weet, ek twyfel of een—een … ek sê, 'n negentigste persent van die mense op die aarde, ooit geweet het Jesus Christus was hier toe Hy hier was. Julle weet, toe Elía geprofeteer het, twyfel ek of daar skaars iemand geweet het dat hy die … Hulle het geweet daar was 'n maltrap daarbo, een of ander ou fanatikus, maar hulle het hom gehaat. Sekerlik. Hy was wat hulle die eksentrieke kêrel genoem het.

En ek dink, enige wedergebore Christen is soort van eksentriek, vir—vir die wêreld, omdat jy anders gemaak is. Jy's van 'n ander wêreld. Jou Gees is van oorkant die gaping. En hierdie goed hier is so deurmekaar … Dan, jy's—as jy's nie anders is nie, daar's iets verkeerd; jy, jy's steeds te aardsgebonde. Julle behoort Hemelsgesind te wees. En die Hemel lewe volgens die Woord.

56 Nou, ons let op dat hierdie—hierdie groot ding plaasgevind het. Nou, ons glo dat daar 'n koms van die ware Gees van Elisa moet wees. Dit is voorspel dit sal wees, sien. En ons moet onthou dit sal hier wees, in sy eie seisoen en tyd. Ons mag nou 'n fondasie daarvoor lê. En dit sal geen organisasie wees nie.

Ek—ek verskil met 'n goeie vriend van my, daaroor. Hy sê dit sal 'n groep mense wees. Ek wil hê julle moet my dit volgens die Skrif wys. God, die onveranderlike God, verander nooit Sy planne nie. As Hy dit doen, dan is Hy nie God nie; dis reg, want Hy's 'n sterfling, en Hy weet net soos ek, en Hy maak foute.

57 God het nooit Sy plan verander nie, sedert die tyd in die tuin van Eden. Hy het 'n plan vir verlossing gemaak; dit is die Bloed. En ons het geleerdheid probeer. Ons het diktatorskap probeer. Ons het sielkunde probeer. Ons het denominasionalisme probeer. Ons het alles probeer, om almal saam te stoot, of almal saam lief te hê, en alles anders. Daar is geen ander plek van broederskap behalwe onder die Bloed nie, nogtans, die enigste grond wat God die mens ontmoet.

God handel altyd met een indiwidu. Twee mense het twee idees. Daar was nooit twee groot profete op die aarde, wat dieselfde tyd geprofeteer het nie. Kyk terug en kyk of daar was. Nee, meneer. Te veel besware! Hy moet een man heeltemal kry om oor te gee, en gebruik daardie persoon. Hy soek na daardie persoon.

58 Maar daar sal een wees, op 'n tyd, iemand wat na Hom sal luister, Woord vir Woord. Ek gee nie om wat enigiemand anders sê nie, hulle sal nooit Daarvan wegbeweeg nie. Dis reg. Hulle sal wag op SO SPREEK DIE HERE. En, dan, hulle sal nie tot dan beweeg nie. Hy sal behoorlik bevestig word. Jy sal …

Nou, die buitewêreld sal dit haat, maar die uitverkore Saad, die voorbestemde Saad, soos dit was in die dae van Jesus, wanneer daardie Lig flits, sal daardie Saad tot Lewe kom net soos *dit.* [Broer Branham klap sy vinger een keer — Red.] Hulle sal Dit weet. Hulle sal Dit verstaan. Jy hoef nie 'n woord Daaroor te sê nie.

Sy het gesê: "Meneer, ek merk dat U 'n profeet is. Ek weet wanneer Messias kom, is Hy veronderstel …" Hy het gesê: "Ek is Hy."

Man, dit, dit was genoeg. Sy hoef nie die hele nag te bly, en wag vir die volgende aand nie. Sy het Dit reg daar gehad. Sy was op haar pad. Sy het hulle Daarvan vertel.

59 Nou onthou, nou, in die eerste eeu was 'n leeu tydperk. Dit was die Leeu van die stam van Juda, Christus. Sy Eie invloed van Lewe, gevat in daardie tydperk. Dis die eerste Gedierte, wat "Krag" beteken, wat geantwoord het in 'n menslike stem.

Die volgende eeu was die os-tydperk, of die donker perd ruiter se tydperk. Sien?

Nou, die rede waarom hierdie eerste eeu 'n wit tydperk was, was dat … Soos—soos ek altyd mense hoor sê het dat daardie eerste ruiter, die witte, was die krag van die kerk, wat uitgegaan het om te oorwin. En ons het uitgevind hy is 'n kroon gegee, dit was dit. Dit was die kerk. Dit was die kerk, maar waarheen het hy gegaan? Het na Rome gegaan. Dis waar hy het. Hy het sy kroon ontvang.

Nou, die tweede eeu was 'n—was 'n rooi perd ruiter, wat die donker tydperk was.

En nou—nou, die—die volgende tydperk, was die—die man, van die tydperk wat die swart perd ruiter was. En hy was die eeu van die hervormers, sien, toe die—die Stem wat gespreek het. Nou, die ruiter op

die swart perd, dit was die antichris. Maar die Een wat in daardie eeu gepraat het, was voorgestel as mens, en dis wysheid, slim, geslepe. Sien? En hulle het dit nie verstaan nie, sien. Hulle het nie genoem … Hulle het hom nie 'n naam gegee nie. Sien? Hulle het net gesê dit het uitgegaan.

60 Maar nou, wanneer die arend-eeu voortkom, dis die een wat … God vergelyk altyd Sy profete met arende. Hy noem Homself 'n arend. Die arend gaan so hoog, daar is niks anders wat hom kan aanraak nie. Hy is nie net daarbo nie, maar hy is gebou vir daardie posisie. Wanneer hy daarbo kom, kan hy sien waar hy is. Party mense kom daarbo en kan nie sien waar hulle is nie, so dit help nie om daarbo te kom nie. Maar as jy …

Maar as jy 'n kraai probeer vlieg saam met 'n arend, of 'n valk, enige een, sal hy disintegreer. Hy moet die lugdruk kan vat waarheen hy gaan.

61 Dis die probleem vandag, party van ons kan nie druk beheer nie. Ons ontplof te vinnig, julle sien, wanneer ons spring. En, maar, ons moet die regte drukking hê.

As jy daarbo kom, en die skerp sig van die arend het, om te sien wat kom, en weet wat om te doen. Nou, die arend-tydperk het Dit geopenbaar. Nou vind ons uit, daardie arend tydperk is belowe in Openbaring 10:7 en in Maleági …: 1, 4. Dit sal in die laaste dae wees, sien, dis reg, dit sal hier wees. Goed. Let op.

62 Nou, hierdie kêrel, ons vind uit dat hy op 'n vaal perd ry. Vaal! O, goeiste! Na, let op na …

"Agt-en-sestig miljoen Protestante," soos ons geneem het uit—uit Schmucker se *Glorius Reform,* van die—van die martelaarsgeskiedenis van Rome, gisteraand. Ons vind dat, tot by die 1500 merk, ek glo dit was, of agtien- … ek onthou nou nie presies nie. Maar dit was agt-en-sestig miljoen wat doodgemaak is, wat protesteer het teen die eerste Roomse kerk, Rome. Geen wonder nie, hy kon homself naboots in die gepersonifiseerde naam van … en genoem word Dood. Hy was beslis.

Nou, God alleen weet net hoeveel hy geestelik laat sterf het, deur sy anti-Bybel,-Woord lering! Hierdie is die een wat hy agt-en-sestig miljoen die swaard gegee het, en hulle doodgemaak het. En waarskynlik, letterlik, het biljoene geestelik gesterf, op sy vals lering. Geen wonder hy kon die naam van Dood vat nie!

63 Sien die ruiter? In die eerste plek, as 'n antichris, was hy dood, om mee te begin; maar hy was toe onskuldig. Hy het 'n kroon ontvang, 'n trippel een; en toe hy het, toe was hy verenig, Satan het sy kerk en staat verenig, omdat hy toe oor albei van hulle was. Antichris was Satan, in die vorm van 'n mens.

En dan, ook, sê Matthéüs, ek glo dit is, die 4de hoofstuk, sê vir ons dit—dit. Satan het Jesus, ons Here, opgevat, en Hom die koninkryke van die wêreld gewys, almal van hulle, in 'n oomblik van tyd, en die heerlikheid van hulle, het hulle vir Hom geoffer. En hy het gesê … Hulle, hulle was syne.

So, julle sien, dan, as hy sy staat en sy kerk saam kan verenig, dan kan die rooi perd ruiter ry, sekerlik. Sien? Waarlik! Nou, dan, vind ons hier sy verborgenheid uit, in sy kerk en staat.

64 Die vierde stadium van sy bediening, word hy die gedierte genoem. Eers word hy die antichris genoem, sien; dan word hy die vals profeet genoem; en hy word die gedierte genoem. Nou vind ons hom hier genoem as die gedierte. Nou, ek wil hê julle moet oplet, dis na die vierde perd.

En in hierdie vierde perd, as julle sal oplet, almal … Die eerste een was wit; en toe was die volgende een rooi; en die volgende een was swart; en die vierde een, al hierdie ander drie was daarin voorgestel; want, vaal is rooi en—en wit, en so, deurmekaar gemeng. Sien? Hy … Dit—dit was alles gemeng in hierdie een perd. Sien? En daar het hy vier geword, of, eintlik, die drie in een. En dit was alles gemeng in daardie een ding.

65 Nou ek wil hê julle moet let op die vier van hulle. Let op die defek, van vier, van die geestelike wiskunde. God is drieë. Hierdie is vier. Hy is in vier, hier. Eerste, antichris, wit; tweede, vals profeet, rooi; derde, vikaris van hemele en aarde en—en boetedoening, swart; vierde, die gedierte, vaal perd, Satan wat uit die Hemel geskop word. Wil julle dit lees? Openbaring 12:13, Satan wat uit die Hemel geskop word. Dan in Openbaring 13:1, 8, is hy geïnkarneer in die persoon van die gedierte.

Hy is eers die antichris, net—net 'n lering genaamd Nikolaïeties; dan word hy, na dit, 'n vals profeet. As hy 'n antichris is, antichris is *teen.* Enigiets wat teen God se Woord is, is teen God, want die Woord is God. "In die begin was die Woord, en die Woord was met God, en die Woord het vlees geword, Christus, en het tussen ons gewoon." En nou is hy teen die Woord, so hy moet antichris wees. Maar 'n gees kan nie gekroon word nie; dis die rede waarom hy nie 'n kroon ontvang het nie. Net 'n boog, met geen pyle.

66 En met sy koms, die kroon tyd, het hy die vals profeet geword van sy antichris onderrig. Begryp dit? Dan kry hy 'n swaard, want hy verenig sy kragte saam, dan hoef hy niemand te vra nie. Hy is goewerneur van staat; hy is goewerneur van die Hemel. Ontvang 'n trippel kroon. Maak vir homself 'n

idee op genaamd "boetedoening." Waar, as—as iemand destyds gesterf het, en hulle het geld gehad, wou uitgekoop word, kon hy hulle daaruit bid. Want, hy het die mag gehad om dit te doen; hy's 'n *vikaris*. Sekerlik, hy is. "Hy neem die plek van God, op aarde." As dit nie so eenvoudig duidelik is soos enigiets nie!

Ons vind dit, gaan dit deur, regdeur die Bybel, en tel sy getalle en alles. Hier is hy …?… reg hier in nommer vier, nie nommer drie nie. Nommer vier, sien.

67 Nou laat ons blaai, Openbaring 12. Laat ons dit net 'n bietjie lees, want ons—ons het tyd om dit te doen. En laat ons Openbaring die—die 12de hoofstuk en die 13de vers lees. "En in dieselfde uur was daar 'n groot aardbewing …" Nee, ek het die—ek het die verkeerde plek. Die 13de:

> *En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het;*

68 Nou, julle sien, hy is uitgewerp, van die aarde, en word geïnkarneer, soos die antichris gees geïnkarneer word in 'n mens. Daardie man verander van een ding na 'n ander, van 'n antichris gees na 'n vals profeet, en dan kom die gedierte in hom.

Net presies soos die Kerk groei; het sy kerk gegaan van—van antichris na vals profeet, en, in die groot eeu wat moes kom, die gedierte wat moes opstaan. So, die Kerk kom op dieselfde manier, deur regverdigmaking, heiligmaking, en die doop van die Heilige Gees, is Christus wat in die mense is, net presies. En hy het die anti-tipe Daarvan daar, die … sien, die tipe van Dit, liewer. Daar is hy, net presies. Dis hy. Hy's uit die Hemel geskop.

69 Nou vind ons uit, in Openbaring 13:1 tot 8.

> *En ek het op die sand van die see gaan staan. En ek het 'n dier uit die see sien opkom …*

Nou, hier is 12, waar hy uitgeskop is. Nou kyk.

> … *het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering.*
>
> *En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote …*

O, as ons net tyd gehad het nou, sou ons die res van die aand vat, net op daardie simbole daar, en wys, dit weer reguit na hom toe terugbring. Enige, meeste van julle weet dit, van ander lesse.

> … *was soos die voete van 'n beer, en sy bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.*

Huh! Geïnkarneerde Satan! Sien?

> *En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was,*

70 En verder af, soos ons aangaan, as julle wil, wanneer julle 'n kans kry om verder te lees. Nee, laat ons—laat ons net 'n bietjie lees.

> *En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan.*

Hou julle dit net dop! Moet nooit kommunisme dophou nie. Dis niks anders as 'n instrument, wat in die hande van God speel, om jou eendag te help om te kry: "die bloed te wreek," soos ons môreaand na sal kyk. Sien?

> *En hulle het die draak aanbid …*

Wie was die draak? Satan. Dis reg? "Die rooi draak." Goed.

> … *wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?*
>
> *En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslastering uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee-en-veertig maande lank te doen.*
>
> *En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God*, (Daar het julle dit, sien. Goed.) … *om sy Naam* (gee hom 'n titel) ...*en sy tabernakel* (wat die Heilige Gees se woonplek is,) *en die wat in die hemel woon, te laster.*

Om dit 'n plek in Rome te maak, 'n Vatikaanstad. Jy kan net afgaan:

> … *en die wat in die hemel woon, te laster.*

71 Het hulle gelaster, deur te sê hulle was bemiddelaars.

> *Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges* (en hy het) *en hulle te oorwin*, (hy het)....

Het hulle op die brandstapel verbrand! Het hulle vir die leeus gevoer! En hulle doodgemaak op enige manier wat hy kon!

> … *en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie.*

Dit het nooit so geword in Rome totdat heidense Rome omskep is in pouslike Rome nie, en die Katolieke mag oor die wêreld versprei het, wat die universele Katolieke kerk gemaak het.

> *En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wereld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.*

"Raak My Olie en wyn nie aan nie!" Sien?

> *En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wereld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.*

> *As iemand 'n oor het, laat hom hoor.*

> *As iemand krygsgevangenskap maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges.*

72 Nou, ons het hom gekry, gisteraand, met sy groot swaard, om dood te maak.

Ons vind uit dat hy ook met die swaard doodgemaak word, die swaard van die Woord. God se Woord, skerp, tweesnydende swaard, maak hom dood, slaan hom plat. Wag tot daardie Sewe Donderslae Hulle stemme laat hoor, van daardie groep wat regtig die Woord van God kan neem en Dit daar neerle, Dit sal kerf en sny. En hulle kan die hemele sluit. Hulle kan *dit* sluit, of *dat* doen, wat hulle ookal wil. Glorie! Hy sal doodgemaak word deur die Woord wat uit Sy mond uitgaan, skerper as 'n tweesnydende swaard. Hulle kan roep vir 'n honderd biljoen ton vlieë as hulle wou. Amen. Wat hulle ookal sê, gaan gebeur, want Dis die Woord van God wat uit die mond van God kom. Ja. Amen. God, altyd, Dit is Sy Woord, maar Hy gebruik altyd die mens om Dit te bewerk.

God kon daardie vlieë geroep het, in Egipte, maar Hy het gesê: "Moses, dis jou werk. Ek sal jou net sê wat om te doen, en jy gaan doen dit." Hy het dit ten volle gedoen. Sien? Hy—Hy kon die—die son gekies het om hulle te roep, Hy kon die maan dit laat roep, of die wind dit laat roep het. Maar, Hy—Hy het gesê: "Moses." Dit, dit … Hy het Sy man gekies. Goed.

73 Nou vind ons hier uit, dat hierdie Satan, nadat hy uit die Hemel geskop is, homself geïnkarneer het in die gedierte. En nou is hy 'n gedierte; antichris, vals profeet, en nou gedierte. En is die naam van Dood gegee! En die Hel volg hom! Ten volle Satan, op sy troon! O, goeiste! Op die aarde, is hy Satan, verteenwoordig, op die aarde, waarvan hy nou hoof is van die koninkryke van die wêreld, dieselfde koninkryke wat hy aan die Here Jesus in Matthéüs 4 aangebied het. Satan word nou 'n volle koning.

74 Nou, dit gebeur later. Hy is vals profeet nou. Hy sal gedierte word, na 'n ruk, wanneer hy sy verbond daar met die Jode verbreek. Julle weet hoe ons … Goed, let nou op, hy sal 'n hart van 'n gedierte gegee word, op daardie tyd, en Satan sal homself inkarneer. Want, wanneer die Kerk opgaan, word Satan uitgewerp. Sien? Sien? Dis verby, dan, al sy beskuldigings is klaar. Sien? Nou, solank …

Kyk, solank die Bemiddelaar nog op die Troon is, kan Satan daar staan en beskuldig, want hy is die prokureur van die ander kant. Hy is die teenstander van Christus. En Christus is … Hy staan daar, die—die—die teenstander staan daar, sê: "Maar, wag! Adam het geval! Adam het *dit* gedoen! Ek het hom oorwin. Ek het sy vrou gekry om 'n leuen te glo. En U het gesê sy sou daardeur veroordeel word. Ek het dit!"

Maar hier is die Bemiddelaar wat daar staan, amen, die Bloedverwante Verlosser, amen, staan daar met die Bloed wat die laagste sondaar se hart kan neem en dit kan verander. Die Bemiddelaar is op die Troon. Ja, meneer.

Satan het gesê: "Maar hulle is skuldig!"

Hy kan sê: "Hulle is nie."

75 Daardie Clorox is uitgevind, of vervaardig, om 'n vlek te vat, die kleur uit ink of enige ander vlek te

vat. Hulle het dit gekry. Dit sal dit opbreek dat jy dit nooit weer sal vind nie. Dit gaan terug na gasse, en al die pad terug na kosmiese lig. En verby molekules en alles anders, totdat dit terugkeer na die oorspronklike waar dit vandaan kom. Dis 'n skepping. Het … 'n Skepping moes van 'n Skepper kom. Maar al die chemikalieë wat vervaardig en bymekaar gesit is, hulle is opgebreek, en dis net al wat daaraan is. Daar's nie meer daarvan nie. Selfs die einste—die einste water bestandeel wat dit is, meng met die Clorox, dit is as.

Amen! Glorie aan God! Dis alles skoon. Dis wat die Bloed van Jesus Christus doen aan die ware kind van God, wanneer hy daardie sonde bely en daar staan, geregverdig in Sy … Genade! Goeiste! Selfs so groot dat God gesê het: "Ek kan dit nie eens meer onthou nie. En hy is absoluut My seun."

"Voorwaar, Ek sê vir julle, as jy vir hierdie berg sê: 'beweeg,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo in wat jy gesê het, sal jy … dan sal dit gebeur. Jy kan dit hê wat jy gesê het moet wees." Jy is 'n seun wat verlos is. Amen! Ek weet dis waar.

76 Ek het eekhorings daar anderkant sien verskyn, op ses verskillende tye, ek het nie geweet wat daar sou sit nie. Net soos, Hy eekhorings kan skep en net soos Hy vlieë kan skep, of paddas, of enigiets anders. Hy, Hy is God, die Skepper. Reg! En wanneer geen sterflike wese …

Maar wanneer daardie sonde van daardie sterflike bely word en val in daardie Clorox, die bleikmiddel van Jesus Christus, bleik dit alle sonde. Hy is suiwer onvervals, sonder sonde, sonder fout. "Hy wat uit God gebore is doen nie sonde nie, want hy kan nie sondig nie." Die bleikmiddel staan tussen hom en God. Hoe kan dit ooit daar kom, wanneer dit opbreek en dit reguit teruggaan na die een wat dit verdraai het! Amen!

Sjoe! Ek voel godsdienstig. Ek—ek sê julle, ek word nou gestimuleer soos dit begin om geopenbaar te word.

77 Let op, geheel Satan, op sy troon. Ja, meneer. Het dit vir God aangebied, dit vir ons Here aangebied. Hier is hy, sit hier, met hierdie dierlike hart in hom. Nou, hier is die persoon, die gedierte, die geïnkarneerde duiwel. Hy maak sy verskyning hier op aarde, onder die vals voorwendsel. O, goeiste! Onder die vals voorwendsel van die ware Woord, assosieer hy homself met die Woord.

Hy het net dieselfde ding gedoen as wat sy—sy tipe gedoen het, wat Judas was, tweeduisend jaar gelede. Wat het hy gedoen? Judas het ingekom, as 'n gelowige, synde 'n duiwel van die begin af. "Hy is gebore as die seun van die verderf." Hy kon Jesus nie bedrieg nie, want Hy het hom van die begin af geken; amen, want Hy was die Woord. Goed. En, onthou, Judas het die plek ingeneem as tesourier, geld het hom laat val.

78 So ook die kerk van hierdie dag! Die Katolieke kerk, soos ons gisteraand opgelet het, wat geld gevra het as boetedoening, geld gevra vir gebede, en vra betaling vir alles. Dis amper dieselfde, en dieselfde ding gebeur met die dogters van die Katolieke kerk, was die Protestante. Die hele ding is gewikkel in geld. Dit is waar Judas geval het, en hier is waar hy geval het, en daar is waar die Protestante val.

79 Kyk, ry 'n vaal perd soos hy op sy rit verskyn, hierdie laaste rit. Hy's nou op sy laaste. Nou, dit is nie in ons dag nie. Dit sal later wees. Dis die Seël, voorspel. Want, sien, die Kerk het klaar opgegaan wanneer dit gebeur. Wanneer Christus hier op aarde verskyn, as—as—as … Hierdie kêrel verskyn, en word heeltemal, heeltemal die duiwel; van antichris, die heeltyd deur, deur vals profeet, dan in die gedierte, die duiwel homself. En hy ry op 'n vaal perd, gekleurd, en gemeng met allerhande soorte kleure, maak hom vaal en dodelik.

Maar wanneer ons Here hier op aarde verskyn, sal Hy op 'n sneeuwit perd ry. En Hy sal volkome, ten volle, die Emmanuel wees, die Woord van God geïnkarneer in 'n Mens. Sien? Dis net hoe verskillend dit in hulle is. Dis die verskil tussen hulle.

80 Let op, die antichris is op 'n vaal perd, gemengde kleure. 'n Perd is 'n dier wat 'n krag voorstel. Sy mag is alles deurmekaar. Hoekom? Dis politiek, dis—dis nasionale magte, dis 'n godsdienstige mag, dis demoniese magte. Dis allerhande soorte kragte wat vermeng is, was 'n gemengde, vaal perd. Hy het allerhande soorte magte.

Maar wanneer Jesus kom, is dit op 'n een soliede kleur perd, die Woord. Amen!

Hierdie een meng sy kleure, van rooi, wit, swart; drie kleure in een, voorgestel in een. En drie magte verteenwoordig in een; die wit perd, die swart perd, rooi perd. En drie krone, in een. Sien? Sekerlik.

81 Ek het self die kroon gesien; gestaan, o, *so* naby en het daarna gekyk. Het my nie toegelaat om by dit te kom nie, as gevolg van glas, daarop. So daar was dit, 'n groot slot daarop, was in 'n kas: trippel kroon. So ek weet dis die waarheid. Uh-huh. So daar was hy, trippel kroon, vikaris: hemel, reiniging, en aarde.

Drie magte verenig saam, sien, almal gemeng in 'n kleur, vaal. Dood het in die hele ding gespreek; politiek, en—en godsdiens, en—en demoniese magte, saam gemeng. Politiek, hy is die koning van politiek, Satan is. Slim! Sjoe! Sekerlik. Moenie hom probeer uitoorlê nie. Vertrou net—vertrou net op die Here. Dis al.

Soos ek, alles, tevore deurgegaan het. Alles slim, geleerdheid en sulke dinge, kom van die verkeerde kant af. Volg dit net deur die Skrif, vind uit of dit reg is. Volg Kain se kinders en kyk wat hulle word. Volg dan Set se kinders, kyk wat hulle was. Nie dat ek onkunde ondersteun nie, glad nie. Nee, meneer. Maar vat jy enige persone, selde, uit die Bybel, baie selde …

82 En daar's een genaamd Paulus, wat 'n slim man was, en hy het gesê hy moes alles vergeet wat hy geken het, om Christus te ken. Hy het gesê: "Ek kom nooit na julle met verleidelike woorde van wysheid van mense nie, maar ek kom na julle in die Krag van die opstanding van Christus." Dis reg, Krag van die Heilige Gees!

Kyk na die ander. Party van hulle het nie eens regter- van linkerhand geweet nie. En—en, o, kyk af deur die eeu van die profete, en waar hulle vandaan gekom het, ensovoorts. Sien wat ek bedoel?

Sien, dis slim, intellektueel, en wys. Wysheid is presies die einste ding wat jou wegneem van God.

83 Hy het drie magte gehad, of drie—drie jurisdiksies: die aarde, Hemel, en reiniging.

Hy is, self, 'n drie-eenheid. Dis waaruit hy bestaan. En hy ry in 'n drie-eenheid. Sy krag is in 'n drie-eenheid. Sy kroon is in 'n drie-eenheid. Sy perd is in 'n drie-eenheid. Dit wat hy is, 'n drie-eenheid; 'n mag van drie-eenheid, 'n kroon van drie-eenheid, 'n perd (ry) van drie-eenheid; dis van ampte, weer 'n vier, sien, weer 'n vier. Goed.

Drie stadiums van sy bediening, maak hom een persoon, Satan geïnkarneer. Drie stadiums van die mini- … antichris, vals profeet, en gedierte. Hulle drie, wat tipeer, sien. Nou daar is drie tipes, nou, daar wat hom maak.

God, God maak Homself bekend, ook, in water, Bloed, Gees; maak 'n Christen 'n seun van God, deur die Woord van God. Sien? En *hierdie* drie magte maak hom 'n duiwel. Sien? O, Dit hier, is water, Bloed, en Gees, wat van God is. En *dis* politiek, godsdiens, en demoniese mag, saam gemeng, maak hom die duiwel.

84 Christus se eerste koms, 'n sterfling. Hy kom drie keer. Christus is in drie. Sien? (Kyk hoe hy kom; hy is die vier.) Hou Christus dop. Eerste koms, kom Hy as 'n sterfling, om te bloei en te sterf. Is dit reg? Dis Sy eerste koms. Die tweede koms is die Wegraping; ons ontmoet Hom in die lug, onsterflik. Sy derde koms, Hy is die geïnkarneerde God. Amen! [Broer Branham klap sy hande een keer — Red.] God, Emmanuel, om op aarde te regeer! Dis reg, net drie.

Vierde stadium van die ruiter, kyk. Die vierde stadium van hierdie ruiter word Dood genoem. *Dood* beteken "Ewige skeiding van God." Dis wat die dood beteken, om vir Ewig geskei te wees van God.

Nou, as ons hierdie kêrel uitgewys het, klas, as ons deur die Bybel gewys het, wie daardie kêrel is; en ons selfs die heuwels gevat het, die plek en oral oor, net presiese detail, regdeur. En nou word hy genoem, deur die arend: "Dood." Dis wat Hy hom noem. Onthou, hier, sien, dood is Ewige skeiding.

85 Onthou, heiliges sterf nie. Hulle slaap, sterf nie. "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe." Dis reg. "Sal nie in die oordeel kom nie; het oorgegaan van die dood na die Lewe. Ek is die opstanding en die Lewe," het Jesus gesê. "Hy wat in My glo, al was hy dood, tog sal hy lewe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie." Lasarus, dood? "Hy slaap."

"Vrees nie, die meisie is nie dood nie, maar slaap." Hulle het Hom uitgelag. Is dit reg? O, goeiste! Sien, heiliges sterf nie.

86 Skeiding van God is dood, Ewige dood. En hierdie kêrel word "Dood" genoem, so bly weg van hom af. Wat is hy? 'n Georganiseerde, organisasie stelsel; die eerste, nommer een, kerk, georganiseer, en toe hy die—die begrip van Konstantyn gevat het, by die Nicaea Raad.

Ons het vir julle vroue gewys, gisteraand, en hoe Eva, die eerste bruid, voor haar man ooit by haar gekom het, het sy geval, deur nie God se Woord in Eden te glo nie. Die geestelike bruid wat gebore is op die Dag van Pinkster van Christus, voor Hy by haar kon kom, wat het gebeur? Sy het geval, in Rome. Wat? Het haar deug van die Woord verbeur, vir dogma. Amen. O, goeiste!

Ek—ek—ek voel weer stimulasie, ja, meneer, deur te dink daaraan … Ek bedoel nie om kranksinnig op te tree nie. Ek bedoel dit nie. Maar ek het net … Julle besef nie wat dit aan my doen nie. Ek sit nou al vier dae met dit. Net … en ek moet net iets sê, laat my soort van weer menslik voel. Julle weet wat ek bedoel. Ja. Goed. Begin om so te praat, en julle sal sien visioene wat oral oor breek. Dis reg. Sien, dis die

rede waarom ek iets sê om myself weer terug te kom, en weer reg te ruk. Sien?

87 Het julle ooit na my gekyk wanneer ek 'n oordeel ry het? Ek sal iets sê, sal mense laat lag; dan sal ek iets sê, mense laat huil; dan sal ek iets sê, wat hulle kwaad maak. Ek sien iets raak. En ek sal iets sê, om te sien hoe dit opgeneem word, dan sien ek watse soort lig oor hulle is, wat gebeur. Dan weet ek waar dit is, en ek weet of Dit roep of nie. As dit nie … Sit daar, 'n ware gelowige, goed. Jy roep hulle, dan, en sê: "*Jy, So-en-so*." Sien.

En wanneer jy afgaan, die Gees begin salf, begin dan om daardie flitse te sien beweeg, sien, soos dit, rond, rondom gaan in die kamer. So, dis waarom ek iets sê, soort van weer begin, weer opnuut begin, sien.

Sedert verlede Sondag, sit ek net in 'n kamer, bid net, dis al, en onder die salwing. En ek weet Dit is reg. Julle glo God. Ek weet julle glo. Julle moet net kyk teen die einde van die week. Uh-huh. Sien? Sien? Goed. Sien?

88 Nou, dood beteken Ewige skeiding van God. En onthou, nou, heiliges sterf nie.

Onthou, sy bruid is 'n vaal perd gegee … Ek bedoel, hierdie ruiter is 'n vaal perd gegee, om—om mee aan te ry. Hy is hierdie—hierdie vaal perd gegee, om mee aan te gaan. En hy het hierdie vaal perd gery, van die dood. Nou ons weet wat dit was. Ons weet watter kerk dit was.

En onthou, gisteraand, was sy nie net 'n "hoer" nie, sy was "die moeder van hoere."

En ons vind uit, wat haar 'n hoer gemaak het, was, 'n vrou wat daardie tipe vrou is. Ek's net … Dis 'n plat woord, om te sê met 'n gemengde gehoor. Maar die Bybel sê dit, julle sien. So, dan, besef ons dat dit 'n—dis 'n vrou wat ontrou lewe aan haar huweliksbeloftes. En julle sien, sy is veronderstel om te wees, sê vir haarself, noem haarself: "Die Koningin van die Hemel." (Dit sal die Bruid van God wees. God is Christus.) En ons vind dat sy pleeg ontug, en sy veroorsaak die konings van die aarde om ontug te pleeg, en al die ryk mense en vername mense. Die hele aarde het agter haar aangegaan. Sien?

89 En dan vind ons uit dat sy 'n paar dogters voortgebring het, en hulle was hoere. Wat is 'n hoer behalwe 'n prostituut, dieselfde ding; 'n hoereerder, hoerery, boosheid, egbreuk, bedryf. Wat het hulle gedoen? Het georganiseer, 'n stelsel gekry, het die mensgemaakte stelsels onderrig, Pinkster en die hele klomp!

Nou, moenie dat jou—jou gewete in jou sak val nie, Pinkster. Laat ek julle iets vertel. Laat ons die ding reg in die gesig staar. Ons is nou te ver in die pad af, om houe uit te deel. Kyk hierna.

Ons lewe in die Laodicése Kerk Tydperk. En dit was die mees belaglikste kerk tydperk van almal van hulle, 'n louwarm, en die enigste een waar Christus aan die buitekant is, en probeer om weer in te kom. En dis die Pinksterboodskap wat sê: "Ek is ryk!" Man, jy was arm, eerste. Nou het julle regtig ryk geword, sien. "Het niks nodig nie!" En—en, o, wat julle was!

Hy het gesê: "Jy's nakend, ellendig, blind, arm, ellendig, en weet dit nie eens nie."

Nou, as 'n man naak was, uit op straat, en het dit geweet, wel, dan sou hy homself probeer help. Maar wanneer hy—wanneer hy dit nie weet nie, en jy hom nie anders kan sê nie, dan is hy in 'n slegte toestand. God wees hom genadig. Reg. Let op. O, goeiste!

90 Nou, onthou, hierdie antichris, homself, synde die man; sy bruid, wat sy kerk is: "is 'n tyd gegee om te bekeer, en sy het dit nie gedoen nie," in daardie kerkeeu, Thiatire. Onthou julle dit? Kan julle …

91 Wel, laat ons net 'n oomblik teruggaan. Dit sal ons nie kwaad doen om net 'n oomblik terug te gaan nie. Laat ons teruggaan, na die 2de hoofstuk, net 'n oomblik. Ons sal dit net lees, 2de hoofstuk van … nou, Thiatire. Nou kyk hierna, net vinnig. Goeiste, ons is net omtrent by afsluitingstyd, en het nog nie begin nie. Maar, let op, Thiatire. Nou, dit begin by die 18de vers van die—van die 2de hoofstuk.

> *En skryf aan die engel* (wat die boodskapper is) *van die gemeente in Thiatire: Dit sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:*
>
> *Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste.*
>
> *Maar Ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isébel,*

92 Daar het julle dit. Julle ken haar, in die Bybel. Sy was die vrou van Agab. En hier is die vrou, kerk, Jezebel, die vrou van die vals profeet, wat veronderstel is om die ware profeet van God te wees, die pous; reg, die ware profeet en sy vrou, Jezebel. Nou, Agab was veronderstel om 'n ware Jood te wees, maar hy was 'n skurk, julle weet dit, want sy vrou het hom net gelei op enige manier wat hy wou. Ons vind uit, Jezebel vat haar geld en lei hulle op die manier wat hulle wil, ook.

> … *wat haarself 'n profetes noem*, (verstaan dit?), *toelaat om te leer en my diensknegte te verlei en te hoereer* (sien, daardie Jezebel onderrig het deur die land versprei) *en afgodsoffers te eet.*
>
> *En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer,* (sien?) *en sy het haar nie bekeer nie.*

Kyk na hierdie volgende vers.

> *Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed,* (dit is hel), *en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking*, … (Dit is in die groot Verdrukking. Nie die Kerk nie, nou.) *as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.*

Nou kyk, hier.

> *En haar kinders sal Ek sekerlik* (haar hoere) *doodmaak,* (geestelike dood); …

Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Dis die Woord. "Ek sal hulle doodmaak met die dood." En as hulle doodgemaak word, is hulle vir Ewig geskei. Goed. Onthou, Hy het haar 'n tyd gegee om te bekeer.

93 Thiatire Eeu was die donker eeu. Die donker perd ruiter het in daardie tyd gery, toe al die kerkdienste en alles betaal moes word, en die gebede, en—en die boetedoening, ensovoorts. Nou kyk sy swart perd, toe, nadat hy geweier het om in Thiatire te bekeer, (wat?) verander sy ry van 'n swart perd na 'n vaal een, dood, vir sy laaste bediening.

94 Nou, ek gee die indiwidu 'n bietjie van 'n skud hier. Om God te weier, om God se roeping te weier, jy sal dit een of ander tyd die laaste keer doen. En, net soos daardie kerk gedoen het, is dit verby. God, geduld, sal nie altyd streef na die mens nie. Sien?

En toe sy Dit geweier het, en geweier het om Dit te aanvaar, toe het sy verander en het gaan … Nou het sy 'n naam genaamd "Dood," skeiding. God het gesê: "Ek sal selfs haar kinders vat, die Protestante, en elkeen van hulle sal ek doodmaak met Ewige skeiding." Daar het julle dit, Thiatire Eeu, die donker eeu. Sy swart perd verander nou na dood, vir sy laaste bediening.

Sien julle hoe die kerkeeue inskakel by die Seëls? Net perfek. En ons weet Dis reg. Die Heilige Gees maak geen fout nie. Hy het ons 'n groot bevestiging gegee, die laaste keer, toe ons die kerkeeue destyds gedoen het, julle onthou.

Sien die liefdevolle, lankmoedigheid van God! Voor Hy 'n oordeel oor haar uitgespreek het, het Hy haar 'n plek gegee om haar te bekeer. En dis in die Naam van die Here wat ek dit sê: Hy het die Protestantse kerk dieselfde ding gegee, en sy sal dit nie doen nie. Die Boodskap het oral geskud, en sy sal dit nie doen nie. Sy gaan haar eie dogmas en leerstellings hê, ek gee nie om hoeveel jy Dit verduidelik nie.

95 Soos ek gesê het daar in Chicago, nou die dag, voor meer predikers as wat daar mense is wat hier sit! En daar het hulle my vasgepen gehad, oor die Doktriene, die slang se saad en al hierdie ander dinge. Ek het gesê: "Iemand kry jou Bybel, en kom hier en staan dan by my." En niemand het niks gesê nie.

Tommy Hicks het gesê: "Ek—ek het Dit nog nooit tevore so gehoor nie, Broer Branham. Ek wil driehonderd van daardie bande hê. Ek gaan hulle na al my predikers stuur."

Daar was omtrent vyftig, of vyf-en-sewentig, gesê: "Ek kom daarheen om herdoop te word." Het hulle gekom? Nie een van hulle het nie. Hoekom? Hy het hulle tyd gegee om hulle te bekeer! En Hy sal jou kinders doodmaak, geestelike dood.

Ons sal dit môre-aand optel, as die Here wil, of Saterdagaand, oor daardie Plae wat oorgaan. Julle sal sien wat daar plaasvind.

96 Soos Hy Egipte gegee het, het Hy Egipte plek gegee om te bekeer. En wat was daardie laaste plaag? Was dood.

Dis die laaste plaag wat die Pinksterkerk getref het, is geestelike dood. Sy is dood. Dis in die Naam van die Here. Sy is geestelik dood. Hy het haar 'n plek gegee om haar te bekeer, en sy het Dit verwerp. Nou is sy dood. Sy sal nooit weer opstaan nie.

En die mense daarbuite, wat probeer om Episkopaliërs en priesters in te bring, ensovoorts, en noem hulle: "Heilige Vader So-en-so." Wel, hulle behoort hulle te skaam. Hoe blind kan 'n mens raak! Sê Jesus nie? Toe daardie slapende maagd Olie kom koop het, het sy Dit nie gekry nie!

97 Almal, julle hoor mense sê: "Ek het die Heilige Gees. Ek het in tale gespreek." Maar hulle wil nie by 'n

kerk soos hierdie kom nie. "O, jy weet, ek glo nie ek wil by 'n plek soos daardie rondgaan nie." En sê dan jy het die Heilige Gees?

Maar julle wil julle waardige maniere hê. Julle wil in Babilon bly en steeds die seëninge van die Hemel geniet. Jy moet jou keuse maak. Jy kan nie daarbuite in die wêreld bly en God terselfdertyd dien nie. Jesus het gesê jy kan nie God en mammon dien nie. So as jy nie sal verwag …

As jy regtig gered word, sal jy dienste geniet waar die Heilige Gees Homself bevestig en wys dat die Woord van God so is.

98 Iemand het gesê: "Die mense maak te veel geraas. Dit maak my senuweeagtig." Jy sal senuweeagtig wees as jy in die Hemel sou kom. En julle dink net, wanneer hulle almal daar is, wat dan daarvan? O, goeiste! Hoe die Here wil …

Hy is lankmoedig, soos Hy in die dae van Noag was. Hy het hard probeer. Hy het lank gely, vir 'n honderd-en-twintig jaar, vir hulle om te bekeer. Hulle wou dit nie doen nie.

In die dae van Egipte, het Hy plae gestuur en alles anders. Hulle wou dit nie doen nie.

Hy het Johannes gestuur. Hulle wou nie terugkeer nie.

Hy het Jesus gestuur, om te sterf, om die hele groep te red wat die Woord sou hoor.

99 En nou, in die laaste dae, het Hy weer belowe dat Hy 'n Boodskap sou stuur om Haar uit te roep, en die oorspronklike Geloof terug te bring na Dit, terug na die Woord. En hulle sal Dit nie ontvang nie. Hulle is so dogmaties, in hulle dogmas en leerstellings, dat hulle Dit nie wil hê nie. O, hulle dink as hulle 'n … as 'n Engel afstap; maar God doen dit nie.

Hy neem iets onkundigs en dom, iets wat skaars jou ABC's of—of enigiets ken. En dan neem Hy daardie tipe persoon, want Hy kan iets vat wat niks is nie en dan daardeur werk. Solank as iemand dink hulle is iets, dan kan hulle niks daarmee doen nie. Hy het dit altyd gedoen. Jy moet niks word, om iemand by God te word. O, goeiste!

100 Let op, tog: "Hy het haar 'n tyd gegee om te bekeer, maar sy het dit nie gedoen nie."

Hy het dit weer gedoen; sy sal dit nie doen nie. Haar verwerping, 'n manier, maak haar … Of, haar verwerping maak die perfekte weg oop vir Satan om in haar te kom en geïnkarneer te word. Dis reg. Inkarneer homself in haar, omdat sy die Woord verwerp het. En dis presies dieselfde ding wat die Protestantse kerk word, 'n hoer, is omdat sy die bevestigde Waarheid van die Woord van God verwerp, en dit gee die duiwel 'n plek om reg in te kom en homself te inkarneer. En hy sal 'n beeld maak van die gedierte wanneer hulle saam konsolideer, net daar nou, en net presies doen soos wat Hy gesê het. Dis reg. Amen.

As ek 'n geleerdheid gehad het, kon ek Dit uitbring. Ek het geen geleerdheid nie. Ek verwag net dat die Heilige Gees Dit aan julle sal openbaar. En Hy sal, aan hulle wat … Dis reg. Hy sal dit doen. Ja. Let op.

101 Kyk hoe, wat sy hier gedoen het. Sy het God se Boodskap verwerp vir haar om te bekeer. Sy het begin as, 'n antichris, en dis wat sy was. Sy het gekom, 'n vals profeet, 'n geïnkarneerde duiwel, en, toe sy het, met haar vals lering. En, in dit alles, het God haar tyd gegee om te bekeer, haar probeer kry.

Sien hoe lankmoedig? Wat 'n wonderlike liefde! Daar's geen liefde soos dit nie! Kyk na die, wat selfs in Sy gesig gespoeg het en so, Hy het hulle vergewe. Dis God, sien. Moenie …

God se Boodskap verwerp nie! Kyk, sy is gevra om te bekeer, terug te gaan na waar sy geval het.

En waarvandaan het sy geval? Die Woord. Reg. Waarvandaan het Eva geval? [Gemeente sê: "Die Woord." — Red.] Woord! Waarvandaan het die denominasie geval? ["Die Woord."] Daar het julle dit. Sien? Geen ander manier nie. Net, elke keer, kom reguit terug na die Woord, reg terug na die Woord. Sien? En hulle kom in 'n sisteem wat hulle wegjaag van die Woord af, hulle van die Woord af in plaas van na die Woord. Let op.

Kyk, sy is 'n tyd gegee om te bekeer, terug te gaan. *Bekeer* beteken om "terug te gaan, om te draai, om in die gesig te staar." *Bekeer*, "gaan terug." En sy is 'n tyd gegee om terug te gaan na waar daardie …

102 Onthou nou, sy was die oorspronklike, pinksterkerk waarop die Heilige Gees uitgestort is, op die Dag van Pinkster. Hoeveel Bybelstudente weet dit? Sekerlik, sy was. Sien waarvandaan sy gegaan het? Sy het van die Woord weggeval, en dogmas aanvaar. Sy het … In plaas van die Heilige Gees, wou sy 'n heilige man hê: "Doktor LL., Ph., Q.U." en het hom toe 'n pous gemaak. Sien? Sekerlik. Maar, sy, dis wat sy wou hê, iemand om haar gebed te doen. Iemand … Sy betaal net haar geld, en dis al wat sy moes

doen. Sien?

Nou, dis dieselfde ding vandag. Net solank hulle 'n kerkbank het om in te sit, hewig betaal op die kollektebord, dis goed genoeg. Hulle is 'n lidmaat van daardie kerk. Moet hulle niks anders as Dit vertel nie; hulle wil nie weet nie. Dis haar dogters.

Nou, wat het sy van geval? Van die oorspronklike Woord van die apostoliese apostels en profete. Dis wat sy van geval het. Dis waar die Protestant van geval het.

Bekeer julle! Gaan terug! Draai terug voor dit te laat is. Dit is nie te laat nie. Een van hierdie dae sal daardie Lam Sy plek verlaat, en dan is dit alles verby. So word haar dogters nou gevra, voordat hulle saam met haar geoordeel word, om "terug te keer."

103 Nou, die laaste Boodskap wat hulle kry, is hierdie profeet waarvan ek gepraat het. Wat, ek baie boeke oor gelees het. En ek weet dat ware, goeie, verstandige, geestelik-denkende mense weet dat dit kom. Hulle weet dit. Hulle weet dit kom, sien. Hulle … Maar die probleem daarmee is, hulle hou aan sê: "Ons het dit nodig. Dit gaan wees." En wanneer Dit kom, sal hulle so nederig sal wees; hulle sal Dit waarskynlik mis net soos hulle die ander keer gedoen het. Dis reg. Mense sal Daaroor skryf, en alles, sê: "O, ja, dit moet wees." En laat Dit dan reg voor hulle gewys word, en hulle gaan net reguit aan, sien. So, hulle het dit altyd gedoen.

104 Kyk nou, die oorspronklike Woord. Hulle her- … hulle … Sy moet bekeer, om terug te gaan, en tog, so word haar dogters gevra. Om gedwing te word … hulle sal geoordeel word, en in dieselfde bed gegooi en saam met haar doodgemaak word. Hulle is gevra om terug te keer na die oorspronklike Woord, terug te gaan na die apostoliese Doktriene. Maar, hulle is so vasgevang met hulle leerstellings en goed, hulle sal dit nie doen nie. Hulle spot net met Dit.

Wat doen hulle dan? Hulle vorm uiteindelik in die beeld vir die gedierte, 'n ander mag; let op, en tree op, teen die Lam se Bruid, soos sy gedoen het in Openbaring 13:14. Dis wat hulle doen, vervolg, net dieselfde ding. Die kerke dryf net soveel spot met die ware Bruid van Christus, soos wat Rome al gedoen het. Net presies. Ja, meneer. Tree op teen die—die ware Lam se Bruid net presies soos sy in Openbaring 13:14 gedoen het.

Nou let op. Ons sien, deur God se Woord van belofte, Hy—Hy sal haar kinders doodmaak, die denominasies, haar dogters, deur geestelike dood. Nou, dis Openbaring 2:22. Moet dit nie vergeet nie. Om te vermoor, is om dood te maak. En *dood* is "Ewige skeiding van die Teenwoordigheid van God." Dink daaraan, vriende. Dink daaraan. Moenie vertrou op enige mensgemaakte leerstellings nie. Enigiets wat teenstrydig is met die Woord, moet julle van wegbly.

105 Nou kyk, kyk in die Bybel hier. Dit het gesê sy naam was Hel, en … ek bedoel:

> … sy naam was *Dood, en hel het hom gevolg.*

Nou, hel volg altyd die dood, in die natuurlike. Wanneer die natuurlike mens sterf, volg hel hom; dis die graf, doderyk, sien, dit in die natuurlike. Maar in die geestelike, is dit die Poel van Vuur, sien, goed, in Ewige skeiding, waar hulle verbrand word.

En—en Maleági 4 het gesê: "Moenie eers stoppels, of tak, of niks anders los nie." Dis die manier wat die wêreld het om homself weer te reinig, vir die Millennium. Sien?

106 Het julle opgelet, die ruiter is 'n "hy"? En "hy" het in "sy" hand gehad; "man," vals profeet. Maar sy bruid word die kerk genoem: "sy," Jezebel. Agab; Jezebel. Wel, dis net so perfek soos enigiets. Sien? Sien?

*Dogters* is "sy," ook, maar ontvang nooit een man hoofskap nie; Protestante, daarby, maar steeds hoere in beginsel, van hulle doktriene, denominasies, stelsels. Dis net … Dis wat dit sê.

107 Let op. Tot wat kom dit alles? Nou, ons het net omtrent twaalf, veertien minute oor, skat ek. Kyk tot wat dit alles kom. Wat is dit? Dit gaan reguit terug die manier soos dit het, en het in die Hemel begin. Dit kom tot die endtyd stryd.

Die eerste ding, in die Hemel, was 'n stryd. Lucifer is uitgeskop, en het na die aarde gekom. Toe het hy Eden besoedel; en hy besoedel alles sedertdien. En nou, van die stryd in die Hemel, kom dit na die stryd op aarde; en dit moet klaargemaak word, op aarde, aan die endtyd, in 'n stryd genaamd Armageddon. Nou, enigeen weet dit. Die stryd het in die Hemel begin, heilig, en so het hulle hom uitgeskop. Michael en Sy Engele het hom omvergewerp, uitgeskop. En toe hulle het, het net daar gegaan na Eden, en hier het die geveg begin. Het …

108 God het Sy kinders almal versterk deur Sy Woord. En Eva het haar nek uitgesteek, gesê: "Ek glo jy's reg, miskien." En daar het dit gegaan. En dit is, sedertdien. Toe het God neergedaal, en nou moet Hy …

Hy het afgekom om hulle te verlos wat sou afkom.

Soos ek gesê het, God is soos 'n groot kontrakteur. Hy lê al Sy materiaal uit op die aarde, en dan bou Hy Sy geboue. Nou onthou, voor daar 'n korrel saad op die aarde was, voor daar 'n son was wat ooit die aarde getref het, het jou liggaam op die aarde gelê, want jy is die stof van die aarde. Sien? Jy is. God is die kontrakteur.

109 Nou, die manier wat Hy dit sou doen, was om af te reik en (soos Hy met Adam gemaak het) 'n bietjie kalsium, kalium, en kosmiese lig te kry, en: "Poef!" Sê: "Daar is My ander seun." Sien? Dan sou Hy nog meer bring, en: "Poef!" "Daar's nog een."

Maar wat het Eva gedoen? Sy het daardie manier verontreinig. En sy het dit deur 'n seksuele daad gebring, toe het dood dit getref.

Nou wat doen God? Hy het soveel van daardie sade daar, wat uitverkies is; soveel, die voorbestemdes. En dan, in die endtyd, sal Hy nie sê: "Eva, kom bring nog 'n kind voort nie." Hy sal ("Sjoe!") roep, en ek sal antwoord. Dis al. Dis dit. Dis die idee. Wanneer daardie laaste een ingebring word, handel dit dit af.

110 Nou, die stryd het in die Hemel begin. Dit sal afgehandel word op aarde, in die vorm van Armageddon.

Nou laat ons kyk en dit sien ontvou. En miskien kan ons dit ontvou. Die Here help ons net om dit nou te doen. Kyk hoe dit ontvou.

Die geheimsinnige ruiter, kyk wat hy nou doen; "teengestaan," geweier om te bekeer en terug te gaan na die oorspronklike Bloed Woord. Die Woord het Bloed en vlees geword. Sien? Hy het geweier om terug te gaan na Dit. Is antichris! Die ware Woord Bruid, is teen … hy is gekant teen die ware Woord Bruid. Neem sy eie bruid! Hy staan teen hierdie ware Bruid, ook. En hy neem sy eie bruid, en bring haar na hom, in 'n vorm van godsdiens genaamd leerstellings en dogmas. Sien? En nou, sien die heilige Bruid, en hy is teen Haar. Maar hy vorm sy eie bruid, genaamd antichris, deur 'n antichris lering, wat teenstrydig is met Christus. Sien hoe slim is hy? En nou, in plaas van om 'n eenheid van liefde te hê, beheer, aanbid onder Bloed, het hy 'n denominasie. In plaas van die Woord te hê, het hy leerstellings, dogmas, ensovoorts, gevat.

111 Soos, en die Protestant sê: "Die Apostoliese Geloofsbelydenis." Ek wil hê julle moet 'n woord daarvan in die Bybel vind. Apostel, daar is geen Apostoliese Geloofsbelydenis in die Bybel nie.

Soos ek hier gesê het, nou, nie lank gelede nie, of iewers. As die apostels 'n geloofsbelydenis gehad het, is dit Handelinge 2:38. Net presies al wat ek weet hy ooit gehad het. Dis wat hulle almal gese het om te doen. As hy een van hulle gevind het wat gelyk het asof hulle Christene was, het hy gesê: "Het jy die Heilige Gees ontvang sedert jy geglo het?"

Gesê: "Ons weet nie of daar …"

Gesê: "Hoe is jy dan gedoop?"

Nou, deur gedoop te wees in die Jesus Naam, of in die Naam van ons Here Jesus Christus, liewer, dit, dis in orde, maar dis nog nie alles nie. Nee, meneer. Jy kan vyftig keer gedoop word, soos dit, en doen nie 'n bietjie goed totdat daardie hart deur die Heilige Gees verander is nie. Dit moet alles saamgaan. Let op, dis—dis Christus!

112 Die antichris weier die ware Bruid Doktriene, en daarom neem hy nou sy eie bruid en bou haar op, onder 'n geloofsbelydenis van sy eie. Neem sy eie bruid en maak haar 'n denominasie! Sy gee geboorte aan ander denominasies, soos aangehaal in hierdie Heilige Skrifte; gee geboorte aan dogters. En sy doen nie … Sy word net soos haar moeder, natuurlik, wêrelds, denominasioneel; teen die geestelike Bruid, die Woord.

113 Hulle sê nie hulle behoort nie aan die kerk nie. Praat jy met 'n denominasionele persoon. "Sekerlik, ek behoort aan die kerk." Is jy 'n Christen? "Ek behoort aan die kerk!" Dit het niks met Dit te doen nie! Hulle sê … Jy behoort nie aan die Kerk … Jy, jy mag aan 'n kerk behoort wat 'n kerk genoem word, sien, behoort aan 'n kerk. Dis nie 'n Kerk nie. Hulle is nie Kerke nie. Hulle is groepe waar mense bymekaar kom, en mense soos: "voëls van enerste vere."

Maar julle is net een Kerk, en dis die mistieke Liggaam van Christus. En jy sluit nie Daarby aan nie. Jy word in Dit gebore.

Soos ek altyd gesê het, ek is drie-en-vyftig jaar in die Branham familie, en het nooit daarby aangesluit nie. Ek is daarin gebore. Sien?

114 Nou let op. Dit word net pragtig getipeer. Ek—ek het 'n … die Skrif hier neergeskryf, maar ek … ons het nie tyd om daarby uit te kom nie; Esau en Jakob.

Nou, Esau was 'n godsdienstige man. Hy het nie daarop aanspraak gemaak om 'n ongelowige te wees nie. Hy het geglo in dieselfde God wat Jakob het, dieselfde God wat sy pappa het. Maar hy was net 'n skelm, of verskoon die uitdrukking, net … Hy was 'n niks werd. Hy—Hy was, nou, in sover as moreel, was hy regtig 'n—het beter moreel opgetree as Jakob. Maar, julle sien, hy het nie gedink … "O, wat het daardie geboortereg te doen met Dit?" En hy het sy geboortereg aan Jakob verkoop. Sien?

Maar, Jakob, hy het nie groot goed gehad, soos Esau nie. Hy het nie die erfenis gehad wat hy gehad het nie. Maar daar was een ding wat Jakob wou hê, daardie geboortereg. Hy het nie omgegee hoe hy dit moes kry nie; hy sou dit kry. En God het respek vir hom gehad.

En, dan, dis dieselfde ding vandag, met die natuurlike mens, vleeslike verstand, wêreldsgesind. "Wel, ek behoort aan die staatskerk. Ek behoort aan *hierdie* kerk. Ek behoort aan *daardie*." Dit het niks met Dit te doen nie, nie 'n ding nie.

115 Kyk, maak hulle nou bymekaar op sy gemengde kleur perd. Hy maak hulle bymekaar, op sy gemengde perd, want hy het politieke mag.

Julle glo nie hy het nie? Hoe het hierdie President net nou ingekom? Hoe het dit ooit ingeglip? Uh-huh! Kom hierheen vir vryheid van godsdiens; en julle klomp demokrate wat julle geboorteregte aan politiek uitverkoop het! Ek het nie … Demokratiese party is goed; hulle is albei verrot. Ek praat van Christenskap. Maar jy verkoop jou geboortereg, met 'n demokratiese kaartjie, om so-iets in te sit. Skaam julle!

116 Besef julle nie dat hierdie volk, presies, in die patroon van Israel is nie? Wat het Israel gedoen? Sy het oorgekom na 'n vreemde land, en die bewoners gevat en hulle doodgemaak, en het die land in besit geneem. Dis wat ons gedoen het; die Indiane. Dis die enigste ware Amerikaner wat daar is, is ons Indiaanse vriende.

En toe wat het hulle gedoen? Israel het 'n paar groot manne gehad. Voor jy weet … Hulle het Dawid gehad, en hulle het Salomo gehad. Hulle het beduidende mans gehad. En eindelik het hulle 'n afvallige daarbo gekry, Agab, wat met 'n Jezebel getrou het, 'n ongelowige.

Wel, dis dieselfde ding wat ons gedoen het. Ons het 'n Washington en 'n Lincoln gehad, maar kyk wat het ons nou. En die groot ding daaromtrent, is, hy is getroud, en versonke en gekleur-in-die-wol met Jezebel. Hy mag 'n baie goeie soort kêrel wees, maar sy gaan die besigheid bestuur. En julle sien dit net nou, die hele familie kom in.

117 Wat het die Heilige Gees vir my gesê, omtrent vyf-en-dertig jaar gelede? En al julle oues van dae weet dit, van sewe dinge wat voor die einde sal gebeur. En hierdie is die laaste, voor die laaste ding, wat gebeur. Alles anders het net presies op die punt getref, tot die oorloë en alles anders. Sien? En nou is sy reg in die hande, 'n vrou, om die nasie te regeer. Jezebel! Sien?

Maar, onthou, in die dae van Jezebel, het iemand hulle regte kleure gewys. Sien?

118 Die byeenkoms, op hulle perd met gemengde kleure. En, kyk, hy bring hierdie goed bymekaar, gemeng met geloofsbelydenisse, denominasie, mensgemaakte leerstellings. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Sekerlik, 'n gemengde kleur, die gemengde kleur van die dooie, vaal perd van die wêreld! Nou, dis reg. Gemengde kleure van die dooie, wêreldse vorm van die vaal perd, o, goeiste, geen heilige Bloed van die Woord nie, glad nie!

En kyk. Uit die hoek … "Vanuit die vier hoeke van die aarde, word hulle versamel; versamel hulle vir Armageddon," het die Bybel gesê. Ek probeer dink aan die Skrifte, soos ek hulle hier neergeskryf het. Ek lees hulle nie; maar net waar hulle neergeskryf is, kyk wat hulle is. "Maak hulle bymekaar, vir die groot dag van die stryd van die Here God." Kyk. Nou, op hierdie gemengde kleur, wêreldse, vaal, siek perd, dink net daaraan; julle weet, dis 'n slegte ding. Kyk nou waar hy hulle bymekaar maak: "Vanuit die vier hoeke van die aarde." Hulle kom nou bymekaar vir die konfrontasie. Die konfrontasie sal wees by "Armageddon," volgens die Woord. Sien?

119 Op die vaal perd, wat daarop ry, met 'n "Dood" getrek … met die naam op hom gedruk, "Dood," die antichris! Luister. Antichris, eerste denominasie (dit kan nie betwis word nie); met sy Jezebel, 'n prostituut van die Woord; met haar dogters, met haar, Protestante; vergader hulleself nou in eenheid!

Het julle die Baptiste mense gehoor praat die ander dag hier oorkant, weet julle? Huh? "O, ons sal nie by hulle aansluit nie, maar ons sal—ons sal vriendelik wees en soort van met hulle vriende wees. Ons hoef nie by hulle kerk aan te sluit nie, maar …" Daar het julle dit. Daar het julle dit, net presies wat die Woord gesê het. Sien? Sien? Ou hoer, in die eerste plek, sien.

120 Nou hier is hulle, verbind hulle self aanmekaar, kom by daardie konfrontasie, na Armageddon, en ry op 'n gemengde perd; met een perd van wit, een perd van rooi, een perd van swart. Die drie, verskillend: politiek—politieke mag, geestelike mag, beheer deur duiwel mag, wat die antichris is. Meng dit alles saam, en jy het 'n vaal, sieklike ding waarop hy ry. Reg. Nou let op. Kyk waarop hy ry, hierdie vaal voorkoms, grys-gekleurde perd, gemeng met swart, rooi, en wit; kom na die stryd, versamel sy onderdane uit elke nasie onder die Hemel! Het Daniël nie die droom uitgelê, en daardie ysterstreep in elke koninkryk van Rome sien gaan nie? Hier kom hulle, vergader.

Nou sit stil vir die afsluiting, net 'n oomblik, en luister aandagtig.

Hulle vergader nou om dit te doen, bring sy onderdane uit die vier hoeke van die aarde; ry 'n vaal, siek, drie-gekleurde, gemengde perd. Dieselfde man!

121 Nou, in Openbaring 19, maak hy nie net gereed nie, maar Christus maak gereed om hom te ontmoet. Die stryd gaan groot en hewig wees. Christus, in Openbaring 19. Christus het Syne bymekaar gemaak, nie vanuit die vier hoeke van die aarde nie, want daar gaan 'n klein oorblyfsel wees. Wat doen Hy? Hy vergader hulle uit die vier hoeke van die Hemel. Ons sal hulle verduidelik, "siele onder die altaar," môre-aand, en julle sal sien of dit reg is, of nie. Vier hoeke van die Hemel; op 'n sneeuwit perd!

Hy het ook 'n Naam, nie dood nie, maar: "Die Woord van God," Lewe. Amen. Het reg hier op Sy dy geskryf: "Die Woord van God." Dis die enigste Lewe, want God is die enigste bron van Ewige Lewe wat daar is. Zoe! Dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

122 En Hy het geskryf: "Lewe," ry op 'n wit perd; en hier is 'n man met drie verskillende magte deurmekaar, genaamd "Dood." Versamel sy aardgebonde afgevaardigdes; en Christus versamel Sy Hemel-gebore onderdane, heiliges. Hy het "Dood" wat op hom geskryf is; en op Christus is "Lewe" geskryf.

Die saam met Hom is op wit perde, ook, en hulle word genoem: "Die uitverkorenes voor die grondlegging van die wêreld." Amen! En hulle is getrou aan die Woord. Amen! Sjoe! Ek hou van die een. "Geroep, gekies, voor die grondlegging van die wêreld." En ook, getrou aan die Woord, deur hulle keuse, almal gestimuleer met nuwe wyn en Olie, ry net reguit aan, kom af om hom te ontmoet. Hulle weet die Donderslae sal die ding vir ons uitklaar, binnekort. Sien?

123 Kyk. Hoe doen hy? So, as Hy die Woord is, en Sy Naam is die Woord, dan is die Woord Lewe. Die antichris; enigiets *anti* is "teen," so *anti* is "teen" die Christus, die Woord. So, dit moet 'n leerstelling wees, of 'n denominasie, wat teen die Woord is.

Wel, ek sien nie hoe julle dit gaan mis nie. As jy—jy dit verstaan, hoe kan jy dit mis? Ek weet nie hoe jy gaan nie.

En dis waar. *Anti* is "teen." Is dit nie reg nie? "Neem weg van." Dis wat hy was. Hy ry op sy gemengde perd. Ons het dit net hier in die Woord van God gesien.

Ons het dit net daar in die sewe kerkeeue gesien. Hier bring Hy dit reg terug in die Seëls, maak oop en wys hulle dinge wat aangegaan het, onder die kerk tydperke.

Anti is "teen" die Woord. Sien waarom, leerstellings, waarom ons so teen die leerstellings en denominasies is? Omdat hulle teen die Woord is. Sien?

124 Hier sien ons Lewe en dood kom tot die finale stryd. Die wit perd, van ware Lewe; die vaalperd, van gemengde leerstellings. Hulle sien die ding kom af na die—na die ware konfrontasie.

Nou ek wil iets hier sê. Julle mag dit dalk nie glo nie. Maar ek het dit opgesoek, om seker te wees. Daar is net een oorspronklike kleur, en dis wit. Hoeveel weet dit? Daar is net een oorspronklike kleur. Enigiets anders, is gemeng.

Christus is op 'n soliede-wit, onvervalste Woord, van die begin af. Amen! Amen! Elke kleur sou wit wees as 'n chemiese ding nie daarin gaan nie. Amen! Glorie! Elke kerk sou staan op die apostoliese Leer van die Woord van God, en God bevestig Dit, as hy nie leerstellings of denominasies Daarin gemeng het nie. Daar het julle dit.

O, Broer Evans, ek voel goed nou! Ja, meneer. Ja, meneer.

Net een oorspronklike kleur, dis wit. Dit het nooit—dit het nooit met denominasies of leerstellings gemeng nie. Nee, meneer.

125 En, onthou, Sy heiliges is geklee in wit klere, nie gemeng met denominasie en leerstellings nie. Nou vind ons uit, die denominasie leerstellings, hier is waar jy jou gemengde kleur kry. Maar hierdie is die oorspronklike kleur waarop Hy ry. Die oorspronklike kleur is op Sy mense. En hulle is in Bloed gedoop, wat daardie kleed gereinig het, en het dit reg teruggestuur. Sien? Dis reg.

Hulle wat gemeng het, het vaal geword en sterf.

126 Dit is 'n verdraaïng, losbandigheid, om kleure met wit te meng; jy verdraai die oorspronklike kleur. Is dit reg? As die oorspronklike kleur, net kleur, wit is, en jy meng iets met dit, verdraai jy die ware oorsprong daarvan. Amen. Is dit reg?

En, wanneer, as Hy die wit perd is, en Hy is die Woord; dan, om enigiets met Dit te meng, enige soort leerstelling, een woord Daarby te voeg, een Woord Daarvan weg te neem, is om die hele ding te verdraai. O, goeiste! Hou my by die Woord, Here!

Waarheid en dwaling! O, goeiste! Maak nie saak hoe goed dit is nie … Reg en fout kan nie meng nie. Dit kan nie meng nie. Dis óf die SO SPREEK DIE HERE óf dis verkeerd. Maak nie saak watter heilige vader dit gesê het nie, Heilige Bonifer, of—of die aartsbiskop van Canterbury; ek weet nie wie dit gesê het nie. As dit teenstrydig is met die Woord, is dit verdraaïng. Dit sal nie meng nie. Sê: "Wel, hierdie kêrel het …" Ek gee nie om wat hy gedoen het, hoe heilig hy is, of enigiets soos dit nie. *Hierdie* is die enigste direkte Waarheid wat ons het. Geen kerk, geen leerstelling, het geen Waarheid nie, as dit buite *Hierdie* is.

127 En wys my een wat Dit het. Net, ek wil hê julle moet vir my sê. Ek sal 'n bladsy in die Bybel blaai, en julle iets wys. Kyk? Roep net die een. Julle sê: "Pinkster." O, goeiste! Ek het net daardie gedagte van iemand hier opgetel. Dis die rede waarom ek dit gesê het. Laat dit liewer alleen, net nou, want ek sien dit het 'n seer plek net daar begin. Ek wou julle nie—wou julle nie seermaak nie, maar ek—ek wil net hê julle moet weet ek weet waaraan julle gedink het. Sien?

128 Diegene wat gemeng het, het (die anti) na die dood gedraai. Hulle verander na die doodskleur, wanneer jy enige soort van enigiets met die oorspronklike meng.

Dit is soos Christus gesê het oor die mosterdsaad. Tog, dis die kleinste van alle sade, maar dit sal met niks meng nie. Mosterd sal nie meng nie. Hy's egte mosterd. So as jy net soveel geloof het, hou net daaraan vas.

Let op. Lewe het, die ruiter op die wit perd gevolg, Wie die Woord was, Lewe, bevestig deur Sy opgestane heiliges wat Hy by Hom gehad het. Nou hoe gaan die stryd verloop?

Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, hoewel hy dood was, tog sal hy lewe." Hy het gesê: "As jy in My glo, al is jy—jy dood, tog sal jy lewe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie." Weereens, het Hy gesê: "Hy wat in My glo … Hy sal hom Ewige Lewe gee, hom laat opstaan in die laaste dae." Dis Sy beloofde Skrif.

129 Hier kom Satan, met al vier hoeke van die aarde, met sy Protestante en met sy—sy Katolieke, en almal saam, marsjeer reg op na die Slag van Armageddon. Goed.

En hier kom Jesus, kom neer uit die Hemel, met opgestane heiliges, bevestigde Woord.

Ek het gesê, as God praat, of jou stuur, sal Hy … Hy—Hy rugsteun wat jy sê. Sien? Let op, as jy 'n ambassadeur van die Hemel is, is die hele Hemel agter jou. En Hemel bestaan uit die Woord. Uh-huh.

130 Let op, nou, Hy kom met opgestane heiliges, wat bevestig dat Sy Woord waar is.

So Satan weet, dan, die bodemlose put is gereed vir hom. Sien? O, goeiste! Wyl, dood die vaalperd gery, gemengde leerstellings en denominasies gemeng, en hom gevolg het, o, goeiste, tot Ewige skeiding van God. Dis waarheen hy hulle gery het, tot Ewige skeiding.

Christus het Sy Kerk reg in die Heerlikheid ingery, met die opstanding.

131 Let op vers 8 nou, net reg … die laaste deel van vers 8, terwyl ons afsluit, sien.

> … *en aan hulle is mag gegee* …

Wie is "hulle"? Sien? Goed. Antichris, genoem "Dood." "Hel het gevolg." Kyk na sy vierpunt-skema.

Antichris, wit perd; maak dood deur gees, synde antichris; geestelike slagting.

Nommer twee, rooi perd; maak dood deur swaard; politieke mag, toe kerk en staat verenig het.

Swart perd; siele, toe hy sy lering uitgegee het, en sy het met haar hoerery. En hy het hulle kos geweeg, deur 'n … verkoop hulle … wat hulle vir kos gee, vir 'n weegskaal, en die pennies, ensovoorts.

Vierde, 'n vaal perd; Ewige skeiding van God. Weer, vier, sien. O, goeiste!

Prys God!

132 Nou, laaste, hier ter afsluiting. Aan die … Het julle … ek is verby die tyd, maar sal julle my nog

omtrent tien minute gee? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Ek het soveel oproepe gekry, vandag, oor—oor my wat hier praat.

Daar het soveel fanatisme begin, oor Elía, dat dit net … Dis—daar is soveel druk daarop gesit. En jy kan … Wel, laat … Mag God my net help om julle te help om te sien waarna ek kyk. Sal julle? Laat ons net probeer, sien.

Nou hier is, ter afsluiting, aan diegene wat nie glo dat die laaste boodskapper vir die kerkeeu Elía die profeet is nie, 'n man gesalf in daardie lyn.

Na dood … Kyk. Na die dood, van hierdie laaste kerk tydperk … Nou, julle het opgelet wat gebeur het, sien. Na die dood, word hulle dooie liggame vernietig deur wilde diere. Julle weet dit. Nou, dis waar. Net soos, die tipe van Jezebel gehad het.

133 Blaai nou na Openbaring 2:18 en 20. Ek glo ons het dit net 'n paar minute gelede gehad. Het ons nie? Ja, ek glo ons het dit gehad. Ek het dit hier neergeskryf gehad vir een of ander … Ja. Die tyd van morele verval, dis wat dit was. Kyk hoe dit was, hoe Jezebel ingekom het. Nou, Jezebel is die kerke, hierdie moderne kerk; nie Bruid nie, nou. Jezebel, in die Ou Testament, is 'n tipe van die kerk vandag, volgens die Woord van God, van Openbaring 2:18, 20.

> *…dat jy die vrou Jezebel, wat haarself 'n profetes noem,* …

Sien? Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou, dis perfek getipeer met Jezebel. Nou, die eerste …

134 Ons kan julle net Skrif na Skrif gee, sien, dat die laaste eeu 'n profetiese Boodskap aan die Kerk is, wat hulle terugroep na die oorspronklike Woord. Nou let op. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Maleági 4 het so gesê, en ander, Openbaring 10:7, en verder af. Sien? Jesus Homself het dit voorspel, terug, terug, terug. "Soos dit was in die dae van Lot," ensovoorts soos dit, en so aan. Dit hou net aan afkom.

135 Jezebel is die tipe van die moderne kerk vandag want Katoliek en Protestant is nou saamgevoeg. Daar— kan nie wegkom van dit nie. Hulle is albei denominasies, so dis net—dis net moeder en suster, dis al. Hulle stry en gaan aan met mekaar, maar hulle is dieselfde ding, albei hoere. Nou, ek sê dit nie myself nie. Ek haal aan uit SO SPREEK DIE HERE. Sien? Goed.

Nou ons let op, doodgemaak deur 'n bevel van God, was Jezebel, is doodgemaak omdat God Jehu daarheen laat gaan het en haar by die venster uitgegooi, en Jezebel het gesterf. En die honde het haar vlees ge-eet, (is dit reg?) letterlike Jezebel. [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Agab, haar koning, hoof; honde het sy bloed gelek, soos die eerste Elía voorspel het. Sien waarnatoe ons gaan, sien julle?

136 Hoekom? Die eerste Elía was 'n verwerpte man, deur die kerke. En Jezebel en Agab was die hoof van daardie kerke, kerk en staat, almal saam. En Elisa het Agab se sondes aan hom geopenbaar, en het die hele kerk beveel om terug te keer na die ware Woord.

As dit nie presies is wat die tweede Elía veronderstel is om te doen wanneer hy na hierdie kerk kom in hierdie dag nie, "herstel die oorspronklike Geloof"! Ek kan nie sien hoe julle van Dit gaan wegdruk nie. Dis reg. Gaan terug na die ware Woord! Dis reg.

137 Nou as julle hulle liggame wil sien, laat ons blaai hier na Openbaring 19, nadat—nadat die Woord hulle doodgemaak het. Nou, die Woord gaan hulle doodmaak. Julle weet dit. Goed. Nou kyk net en sien wat gebeur met Christus se koms, in Openbaring 19, vanaf die 17de vers.

> *En ek het een engel sien staan in die son*; …

Nou, dis reg na, kyk hierbo: "En Sy kleed was met bloed gedoop. En Hy word genoem Koning Van Konings, en Here van here." In die 13de vers: "Hy word die Woord van God genoem." Sien? Nou, hier is Hy: "Koning Van Konings, en Here van here."

> *En ek het een engel gesien* …

Nou kyk. Hy gaan uit.

> *En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan;*

"Uit Sy mond," soos van God se mond na Moses se mond. Sien?

> *… en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die die toorn van God, die Almagtige.*

> *En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die*

*konings en die Here van die here.*

*En ek het een engel sien staan …*

Nou kyk. Nou kom Hy na vore, en slaan. Wie slaan Hy? Jezebel en haar Agab, vals profeet.

*En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,*

138 Hy voer hulle vir die gediertes en voëls. Hou nou kyk hier in die ander hoofstuk hier, in die Boek van Openbaring. En, net 'n oomblik: "Maak dood met 'n swaard, en dood, en gediertes van die aarde." Sien? Die Jezebel kerk, haar (fisiese) liggaam, sal geëet word deur voëls en gediertes van die aarde. Net presies soos Agab en Jezebel was, in die natuurlike, so moet hulle wees, in die geestelike vorm, 'n kerk. Sien julle wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Goed.

139 Elía se … O! Elía was die profeet in die dae van Agab en Jezebel, natuurlik. En hy is belowe om dieselfde ding te doen, volgens SO SPREEK DIE HERE, in die Woord, aan die Jezebel, geestelik; sy Geestelike-vorm van bediening.

Kyk. Elía, egter, in sy dag, behoorlik en diep bevestig, kon hulle nie terugdraai na die Woord nie. Is dit reg? Alhoewel, Elía probeer het, met alles. Hy het alles gedoen. Hy—hy het hulle tekens en wonders gewys; en hulle het in sy gesig gelag. Dieselfde ding wat hulle hier met die geestelike sal doen, sien. Hy kon hulle nie terugdraai na die Woord nie. Uit die miljoene …

Nou luister, kerk, sluit nou af, julle wat 'n bietjie verward is hieroor.

140 Uit die miljoene in die wêreld, in die dae van Elía, toe Jezebel en Agab geheers het, in—in tipe van die antitipe vandag; uit die hele wêreld, was daar net sewehonderd gered, van Elía se prediking. Is dit reg? Dis presies.

Kyk, Elía het nooit eens geweet dat selfs een van hulle so was nie. Hy het gedink hy was die enigste een wat gered is, totdat God een van die Seëls oopgemaak en hom die verborgenheid in die Boek gewys het, dat Hy sewehonderd het wat nooit neergebuig het vir daardie leerstellings wat hulle gehad het nie. Toe God Sy Boek oopgemaak het vir Elía, gesê: "Nou wag 'n oomblik, seun. Ek het sewehonderd wat weggesteek is, erens, het hulle name op die Boek sedert die grondlegging van die wêreld. Hulle is Myne." Sjoe! God het die Seëls oopgemaak.

Dis waarom ek dink Johannes het nou die aand baie geskree. Hy moes sy naam Daar gesien het, julle sien. Sien?

Eendag het God oopgemaak …

141 Elisa, hy het gepreek. Hy het alles gedoen, en—en—en uit sy hart gepreek. Hy het alles gedoen wat hy kon, en steeds het hulle hom net "uitgejou", hom alles genoem, en gesê: "Jy's die oorsaak van dit alles. Jy's 'n spiritualis. Jy is die een wat al hierdie probleme veroorsaak. Jy is skuldig," en alles soos dit. Hy het alles vir hom gesê. Jezebel het gedreig om sy kop af te kap, en alles anders. Dis reg. Almal was teen hom.

En toe het hy gesê: "Here, nadat ek dit gedoen het, alles wat U my gesê het om te doen! Ek het presies by U Woord gebly. Wanneer U my enigiets vertel het, was ek vreesloos. Ek het reg na die koning se gesig geloop, en alles anders, en vir hulle gesê: 'SO SPREEK DIE HERE.' En U het my nie 'n ding vertel, wat ek vir hulle vertel het, wat nie gebeur het nie. En nou hier is ek, die enigste een oor, uit die hele klomp. Ek is die enigste een wat oor is, en hulle probeer my doodmaak."

142 God het gesê: "Ek gaan een van die Seëls oopmaak en jou iets wys." Hy het gesê: "Jy weet, ek het sewehonderd daar, wat nog nooit 'n knie gebuig het om … of wat by enige van daardie leerstellings, denominasies, aangesluit het nie. Daar is sewehonderd van hulle gereed vir die Wegraping, sien." O! O! Het Hy vir Sy profeet gesê, aan wie Hy Sy Woord openbaar, sien, deur die Skrif. "Ek het nog sewehonderd voorbereide name, uit hierdie geslag; sewehonderd van hulle. Hulle het nie hulle knieë gebuig voor enige"(as ek dit in hierdie dag sou sê)"godsdienstige organisasies, en het geleerd geraak, in hulle nie."

143 Sien julle wat ek bedoel? Dan, moet dit eenvoudig wees. Dit moet net wees. En dis volgens die Woord. Wanneer die man op die toneel verskyn, sal hy 'n profeet wees. Net so seker as wat ek op hierdie preekstoel staan. Sien? En hy sal reg by daardie Woord bly. Hy sal nie vat van niemand se leerstellings of niks anders nie. Dis reg. Hy sal 'n bosman tipe van 'n kêrel wees, soos Elisa was, hy … en soos Johannes was. Hy sal—hy sal vroue haat, (mense!) onsedelike vroue! Sjoe! Man, hy sal afgaan op hulle! Elía het, en so ook Johannes. Sien? Sien? En hy sal reguit in lyn wees met daardie Woord. Hy sal—teen organisasies wees. Organisasie? "Moenie dink om vir julleself te sê: 'Ons het Abraham as vader nie,'

want ek sê God is in staat om uit hierdie klippe kinders van Abraham op te wek." Sien? Het sekerlik.

Nou, daar het julle dit, vriende. Hier is die Vierde Seël, geopen. En die ruiters van die vier perde is geopenbaar, na die beste van my wete. Nou, dit is al wat op aarde plaasgevind het.

Volgende Seël, sien ons, is in die Hemel, waar siele onder die altaar is.

144 Nou, net ter afsluiting, ek wil 'n paar sê … net 'n paar woorde, net hier, ek het dit neergeskryf. Ons het rondgespring, op hierdie vier Seëls, eerste vier Seëls.

Nou, môreaand, verander ons—ons die toneel, van die aardse dinge wat aangaan. Hy kyk op en sien die siele onder die altaar, die geofferdes, onder die altaar.

Die volgende aand, tref die oordeel.

En die vierde aand, of die laaste aand, Sondagaand, weet ek nie wat nie. Ek weet nie wat hierdie ander beteken nie. Ek het hulle net gelees, soos julle het. Maar: "Daar was stilte vir 'n halfuur," maar daar's iets wat plaasgevind het. Ek verwag van Hom om Dit te openbaar. Hy sal dit doen. Ek weet Hy sal.

Ons moes gaan, in verskillende plekke van die Skrif, na Openbaring 19, om die Koms van Christus te wys wat die antichris sal doodmaak. Dis waarom ek hierdie moes los, net die twee verse neem. Ek moes na verskillende plekke in die Skrifte gaan, om hierdie dinge te bewys. So dis waarom ek na Openbaring 19 gegaan het, om die einde van antichris te wys, sal die doodslag wees; van Christus, wanneer Hy kom, Hy sal die antichris doodmaak.

145 Na Openbaring 10, om te wys dat die sewende engel se Boodskap 'n persoon sal wees, in hierdie laaste dae, gesalf deur God vir 'n bediening net soos Elía die profeet was, soos voorspel in Maleági 4, om die ware Woord van (oorspronklike) God in hierdie geslag te openbaar, die oorspronklike Woord van God in hierdie geslag. Soos hy met die natuurlike Jezebel gedoen het, so sal hierdie man dit doen aan geestelike Jezebel, die denominasionele kerke. Ek moes gaan na die 7de hoofstuk … die 10de hoofstuk, 1 tot 7 verse, om te bewys dat dit reg was. En oor na Maleági, en Amos, ensovoorts, om dit te bewys.

Elía was 'n profeet wat geprofeteer en Jezebel veroordeel het, in daardie spesifieke geslag.

En Elía het nooit gesterf nie. Hy het beslis nie. Hy het weer verskyn, omtrent agthonderd jaar later, aan die sy van Jesus Christus, op die Berg van Verheerliking. Hy is nie dood nie.

146 Nou, ons vind uit dat sy Gees daar is om 'n mens te salf, volgens die belofte van God, in die laaste dae; het belowe om dieselfde te doen in die gees Jezebel, soos dit in natuurlike Jezebel gedoen het, in die laaste tydperk.

Dis waarom ek—ek na soveel van die Bybel gegaan het, om dit te bewys, sodat dit nie 'n vraag in julle gemoed laat nie. As daar is, laat my weet. Wel, skryf vir my 'n brief of 'n notatjie.

En dit meng so perfek, selfs met die gediertes wat hulle natuurlike liggame vernietig in die laaste dag, hulle verteer soos hulle toe het.

147 Na die beste van my openbaring, wat aan my gegee is deur God en voorspel is dat dit gedoen sou word, dis die Waarheid van die vier perde ruiters, die beste wat ek weet.

Wat dink julle van Jesus? [Gemeente juig — Red.]

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se kruis.

148 Onthou nou, met geen … (Dis dit; gaan voort; dis goed.) Met geen slegte gevoelens teenoor enige mense in enige organisasie nie! Want, God het kinders in die Katolieke stelsel. Hy het kinders in die Metodiste stelsel. Hy het kinders in die Baptiste stelsel. Hoeveel van daardie, al daardie verskillende stelsels, is hier verteenwoordig vanaand, wat daaruit gekom het toe julle Lig gesien het? Laat ons julle hande sien. [Gemeente sê: "Amen." — Red.] Nou, onthou, daar is mense daar net soos julle. Maar dis die stelsel wat doodmaak, sien. Dis die antichris gees wat hulle uiteindelik by 'n plek kry totdat hulle geen Waarheid wil hoor nie.

149 En onthou die ander aand, toe ek gegaan het oor wanneer jy geseël word? As 'n man die jubelfees hoor, en hy het geweier om vry te gaan, is hy na die wagpos geneem en 'n els het sy oor gemerk. Oor is waar jy hoor. "En geloof kom deur die gehoor." Dan as hy Dit hoor, en weier om sy vryheid te aanvaar, dan moet hy … sy denominasionele meester die res van sy lewe dien. Amen.

O! O, goeiste! Is Hy nie wonderlik nie? [Gemeente sê: "Amen." — Red.]

Ek het Hom lief, ek …

Laat ons nou net ons hande opsteek en Hom aanbid.
Omdat Hy my eerste liefgehad het (Glorie!)
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se kruis.

[Broer Branham begin neurie Ek Het Hom Lief — Red.] Nou buig net julle hoofde, en laat ons Hom nou aanbid wyl ons dit neurie. [Broer Branham gaan voort om *I love Him* te neurie.]

150 Here, hoe dankbaar is ons! Ek is so bly, Here, so bly vir U en U mense. O Here, U het ons verlossing op Gólgota gekoop. Ons aanvaar dit graag, Here.

Nou beproef ons, Here, deur U Gees. En as daar enige onheil onder ons is, Here, enige ongeloof van die Woord, enige persone hier, Vader, wat nie elke belofte van God met 'n "amen" wil beklemtoon nie; mag die Heilige Gees nou afkom, die ruiter op die wit perd, terwyl Sy Gees, Gees van Christus, in die aangesig van die antichris, en Sy Eie roep. Roep hulle uit, Here.

Mag hulle nou bekeer, gou na U toe kom en gevul word met die Olie en die wyn; en verander word van daardie denominasionele kleed van Kain se dood, na 'n sneeuwit kleed van Ewige Lewe, uitgegee deur die Bruidegom. En dan sal hulle eendag na die Bruilofsmaal gaan, in die bevestigde Woord van die opstanding. Skenk dit, Here. Ondersoek die harte, terwyl die mense op U wag. Deur Jesus se Naam!

[Broer Branham begin neurie *I love Him* — Red.]

151 Nou, ondersoek net jou hart, my broer, my suster, my vriend. Ek was 'n lang tyd by julle. Hierdie is omtrent drie-en-dertig jaar. Het ek julle ooit iets in die Naam van die Here vertel wat nie gebeur het nie? [Gemeente sê: "Nee." — Red.] Soek Christus nou terwyl jy 'n kans het. Dit mag binnekort wees dat jy dit nie kan doen nie. Sien? Hy mag die plek verlaat, enige tyd, van Sy bemiddeling; dan kan jy huil met jou hele hart, jy kan spring, jy kan in tale praat, jy kan op-en-af hardloop oor die vloer, jy kan enigiets doen wat jy wil, en by elke kerk in die wêreld aansluit, daar is niks, nie meer bleikmiddel vir jou—jou sonde nie. Wat doen jy dan, waar is jy dan?

152 Wel, ek glo, met my hele hart, die plek is steeds oop. Ek glo Hy is steeds op die Troon van God. Maar Hy gaan binnekort opstaan, en na vore kom, om op te eis wat Hy verlos het. Hy doen die werk van Bloedverwante Verlosser, terwyl Rut wag.

Maar in tyd, julle weet, nadat Boas die bloedverwante werk gedoen het, het hy gekom en sy besitting opgeëis. En dis presies wat die Bybel gesê het Hy het gedoen: "Hy het na vore gekom en die Boek geneem." Dan is bemiddeling verby; Hy is van die Troon af; daar is nie meer Bloed op die Genadetroon nie. En dan wat is dit? Regter se Stoel.

Moenie dat dit gesê word, eendag, "Ek het gedink die Wegraping was veronderstel om te gebeur." En hoor die Stem sê, terug: "Dis in die verlede." God help julle!

Nou laat ons ons hoofde buig.

Broer Neville, kom, vir afsluiting of wat jy ookal moet doen. God seën julle, tot môre-aand.

MESSAGE hub online
www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7